ALMANAK

EN BYBELSE DAGBOEK

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

1987

REDAKTEUR
Prof P S Dreyer

REDAKSIE
Dr S P Pretorius

Ds J C de Lange

Die Administrateur, mnr L de Munnik

81ste JAARGANG

Gedruk deur Gutenberg Boekdrukkers, Pretoria-Wes.

LANGSTRAAT 58, KAAPSTAD
FORUMGEBOU, STRUBENSTRAAT
PRETORIA TEL. 323-4091

Met Komplimente van

HAUM

Boekwinkels

TRUSTBANK-SENTRUM
STELLENBOSCH

NEDBANK FORUMGEBOU
H/V BURNETT & FESTIVALSTRAAT
HATFIELD, PRETORIA
TEL. 43-4476

NEDBANK PLAZAGEBOU,
BEATRIXSTRAAT, ARCADIA
TEL. 323-7252

TOMKORGEBOU,
DU TOITSTRAAT 101,
PRETORIA TEL. 26-4274

OLD LADY SELBOURNE SCHOOL
KAREL TRICHARDTLAAN VERLENGING
MOUNTAIN VIEW
PRETORIA TEL. 77-2188

INHOUD

Ter inleiding: Die Een-en-Sestigste Algemene Kerkvergadering – prof P S Dreyer 7
Oordenking – ds G J J Roos 9
Die fundering van die sending – prof E Engelbrecht 12
Klipdrif – prof S J Botha 17
Die Nederduitsch Hervormde Kerk as volkskerk – dr J H Koekemoer 27
Toekomsvisies ten opsigte van die sending – prof H G van der Westhuizen 30
Die praktyk van die Hervormde Kerk in Suidelike Afrika – ds J A P van Tonder 35
Lewensketse ampsdraers en lidmate:
- *Prof C H Rautenbach* deur dr H T van Deventer 49
- *Wyle prof C K Oberholzer* deur prof P S Dreyer 52
- *Sy Edele T N H Janson* deur prof P S Dreyer 54
- *Wyle dr F C Symington* deur dr J H Koekemoer 56
- *Mev Snaps Huyzers (nou mev Van Deventer)* deur prof F J van Zyl 58
- *Mev M E B Venter* deur ds P M Smith (sr) 60
- *Ouderling Hennie Prinsloo en eggenote Lettie Prinsloo, gebore Kruger* deur ds J C de Lange 62
- *Oom Philip Carel Smit* deur oudl G C Botha 64
- *Ouderling Gert Petrus Benjamin van der Merwe* deur ds P J van der Merwe 66

Leer ken ons nuwe predikante:
- Ds W H Barnard 69
- Ds I L Benade 69
- Ds G S Botha 69
- Ds P J Botha 69
- Ds P J E Botha 70
- Ds W J M Breytenbach 70
- Ds F Evert 70
- Ds D C Human 70
- Ds P J Jacobs 71
- Ds C le Roux 71
- Ds G C Lindeque 71
- Ds H S K Nel 71
- Ds J Otto 72
- Ds C F Potterill 72
- Ds W J Prinsloo 72
- Ds E Sheppard 72
- Ds G J Smit 73
- Ds W A Strydom 73
- Ds C M van den Berg 73
- Ds D M van Zyl 73
- Ds C J Viljoen (jr) 74

Kalenders 1987:
- Dag- en maandkalender 76
- Kerklike en ander gedenkdae 77
- Historiese kalenders 78
- Universiteitskalenders 90
- Onderwyskollege-kalenders 90
- Skoolkalenders 91

Statistiese gegewens
- Kommissies en rade 92
- Kaapse predikante tot 1842 104

– Geestelike leidsmanne rondom die Groot Trek 106
– Vroeëre predikante sedert 1853 107
– Alfabetiese lys van diensdoende predikante en teologiese dosente 125
– Diensdoende predikante soos op 1 Augustus 1986 114
– Vroeëre professore en ander dosente 129
– Diensdoende professore en ander dosente 129
– Emeritipredikante soos op 1 Augustus 1986 130
– Teologiese studente soos op 1 Augustus 1986 132
– Alfabetiese lys van gemeentes 135
– Gemeentes in ringsverband 137
– Statistiekopsommings 245
Bybelse Dagboek ..... Na bladsy 248

Die Peter's Beleid

'n Papiervliegtuig, ten spyte van sy aerodinamiese ontwerp, het 'n beperkte lewe. Alhoewel dit perfek vlieg op sy nooiensvlug sal dit tog uiteindelik val en buig – papier was nie ontwerp om die inspanning van 'n vlug te weerstaan nie.

By Peter's besef ons dat vir die beste resultate in drukwerk die korrekte papier gebruik moet word.

Elke vel papier het sy beperkings en vir daardie rede versprei ons die grootste verskeidenheid plaaslike en ingevoerde kwaliteitpapier om aan elke behoefte te voldoen – dit is die Peter's beleid – die regte papier vir die regte werkstuk.

Peter's Papers (Edms) Bpk

"Die Wereld se Beste"

JOHANNESBURG	KAAPSTAD	DURBAN	PRETORIA
Tel 683-6915	Tel 93-6157	Tel 71-2327	Tel 26-5618

Hierdie bladsy word geborg deur
die

HAUM – BOEKHANDELGROEP
van
Uitgewers en boekhandelaars

- Audio-Spect
- De Jager-HAUM
- Femina
- Folio
- HAUM (Algemeen)
- HAUM (Opvoedkundig)
- HAUM (Literêr)
- Juventus
- KITAL
- Rostrum
- HAUM Akademiese Boekhandelaars
- PJ de Villiers Akademiese Boekhandel
- Panorama Boekhandelaars
- Universiteitsuitgewers en -boekhandelaars

asook

Gutenberg

Seënwense vir 1987

Ter Inleiding: Die een en sestigste Algemene Kerkvergadering

deur prof P S Dreyer



By die skrywe van hierdie voorwoord is die een en sestigste Algemene Kerkvergadering so pas afgeloop. Hierdie vergadering sal baie lank onthou word. Min Algemene Kerkvergaderings het op so 'n hoë vlak en met soveel verantwoordelikheidsbesef verloop. Die dank hiervoor kom elke lid van die vergadering, maar in die besonder die voorsitter, prof J P Oberholzer, toe.

Die uitstaande kenmerk van die vergadering was die debat oor Artikel III van die Kerkwet. Die debat is agter geslote deure gehou, omdat dit 'n sensitiewe aangeleentheid is en 'n oop vergadering die geleentheid kon bied vir druk op die vergadering, veral van die kant van die media. Juis hierdie debat het die stempel van buitengewone erns en verantwoordelikheid gedra, al het sowat vyf en tagtig sprekers daaraan deelgeneem.

Veral sedert die Tweede Wêreldoorlog het baie instansies en persone binnelands en buitelands Artikel III gebruik om die Ned Hervormde Kerk van politiekery en selfs rassisme te beskuldig. In die debat het sekere punte baie pertinent na vore gekom en omdat die vergadering besluit het om Artikel III onveranderd te handhaaf, moet ons hierdie punte beskou as 'n bewuste standpuntinname wat as rigtinggewend vir die Kerk in die afsienbare toekoms sal geld. Ons kan hierdie punte baie kort soos volg saamvat:

- Artikel III is nie uitdrukking van 'n politieke oortuiging nie en dit het niks met enige bestaande party of politieke stelsel te doen nie. Dit kom uit die verre geskiedenis van die Kerk toe geeneen van die huidige politieke konstellasies bestaan het of selfs 'n moontlikheid was nie.
- Artikel III is 'n uitdrukking van die Kerk se oortuiging dat hy 'n volkskerk is wat die besondere roeping het om onder die Afrikanervolk te werk. Juis dit is die grond van die Kerk se oortuiging dat die Kerk die roeping het om volkskerke ook onder ander volke tot stand te bring. Dit is die grondslag van die Kerk se sendingbeleid. Dit is die manier waarop die Kerk gehoorsaam is aan die opdrag van die Skrif om sendingwerk te doen en dit was en is die wyse waarop die Kerk met die genade van die Here die Hervormde Kerk in Suidelike Afrika tot stand gebring het en nog steeds bystaan.
- Sedert ongeveer veertig jaar gelede, toe die Algemene Kerkvergadering besluit het dat die Kerk self sending moet onderneem en dit nie meer aan allerlei organi-

sasies moet oorlaat nie, was daar nog nie met soveel erns, oortuiging, bewoënheid en welwillendheid oor die sending gepraat nie. Sending het spontaan te voorskyn gekom as 'n roeping van die Here van die Kerk wat tot die wese van die Kerk behoort. Van verskillende kante het daar die oproep gekom dat die gemeentes, soos nog nooit vantevore nie, erns met die sending moet maak en vir die sending 'n plek in die hart van ons mense moet verower.

Die tema van hierdie *Almanak* is die sending. Die redaksie het vóór die Algemene Kerkvergadering daarop besluit. 'n Beter besluit kon die redaksie nie geneem het nie, omdat die *Almanak* baie nou aansluit by die besprekings in die Vergadering.

Dit is die bede van die redaksie dat hierdie *Almanak* sal bydra tot 'n beter begrip van die Hervormde Kerk se beskouings by mense wat buite en binne die Kerk staan. Veral is dit ons bede dat hierdie *Almanak* sal help om die erns van die sendingroeping sterk by ons mense tuis te bring.

Oordenking

deur ds G J J Roos



Johannes 20:21

"Soos die Vader my gestuur het, stuur Ek julle ook."

Sending beteken om gestuur te word. As jy gestuur word, gaan jy op reis vir 'n korter distansie of 'n langer pad. Jy word gestuur met 'n opdrag, 'n taak om te gaan uitvoer. Die gestuurde moet die opdrag volbring: hy is immers toegerus deur die sender, die een wat stuur. Die sender voorsien ook die reisgeld en alles wat nodig is aan die gestuurde om sy taak end-uit te volbring. Dit gaan nie om tyd nie, maar om die volbrenging van 'n opdrag.

Jesus Christus is gestuur na hierdie wêreld. Die wêreld is deur God geskape – sy eiendom wat Hy dra en onderhou. God is ook die Skepper van mense – om die aarde te bewoon en te bewerk. Deur sonde en ongeregtigheid het die mensdom 'n rustelose, vlugtende massa geword (Adam en Eva vlug en kruip weg na sondeval). God gee sy werk nie prys aan die chaotiese magte van die Bose nie, maar gryp op 'n wonderbaarlike wyse in om te red en te behou. God se reddende regterhand was sigbare werklikheid in die geboorte, lewe, dood en opstanding van Jesus Christus.

Die sending van Jesus Christus na die wêreld as redder en verlosser het 'n bepaalde karakter. Die karakter van sy sending openbaar hom in die volgende: Jesus Christus het uit die hemel na die aarde gekom waar Hy nie welkom was nie. Hy het as 'n dienskneg, 'n slaaf gekom. "Hy het Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word" (Filippense 2:7). Hy het alle heerlikheid afgelê en alle mag prysgegee – 'n slaaf het geen heerlikheid of mag nie. Hy het 'n gehoorsame dienskneg, wat net geluister en gedoen het, geword. Hy het as die lydende kneg van die Here gekom oor wie baie mense ontsteld was. "Baie mense was ontsteld oor Hom, Hy was so misvormd dat hy nie meer soos 'n mens gelyk het nie, nie meer die voorkoms van 'n mens gehad het nie" (Jes 52:14). "Hy het nie skoonheid of prag gehad dat ons na Hom sou kyk nie, nie die voorkoms dat ons van Hom sou hou nie" (Jes 53:2). Hy het die wêreld ingekom as iemand wie se onbeskryflike lyding begin het toe Hy die reis na die aarde toe vanuit sy hemelwoning begin het.

Hy het as 'n middelaar gekom, 'n borg wat sy lewe vrywillig *afgelê* en *prysgegee* het aan die dood as 'n soenoffer vir die sonde van die wêreld. "Die boodskap van versoening bestaan daarin dat God deur Christus die wêreld met Homself versoen het en die mense hulle oortredinge nie toereken nie!" (2 Kor 5:19). Hy het as die armste onder die armes en die nederigste onder die nederiges gekom. "Jakkalse het

gate en voëls het neste, maar die Seun van die mens het nie eens 'n rusplek vir sy kop nie" (Luk 9:58).

Jesus Christus is die tasbare en sigbare genade, liefde en erbarming oor 'n verlore wêreld. Dit sien ons in sy verskyningsgestalte op aarde. Die gestuurde van God, Jesus Christus, is God se antwoord op die nood van die sonde en ellende van die mensdom – 'n bewoënheid wat strek oor die grense van volke en nasies en wat alle tale, volke, nasies, groeperinge en kulture insluit.

So het die Vader Hom gestuur. So stuur Hy die kerk. Die kerk se sending die wêreld in sal nie anders lyk as die Gestuurde van God – Jesus Christus – nie. In die gestuur wees van die kerk na die wêreld en in sy sendingarbeid sal die trekke wat Jesus Christus kenmerk, ook kenmerke van die kerk moet wees.

Die krag van die kerk in sy gestuur wees na die wêreld lê nie in homself, sy organisasievermoë, vindingrykheid of wat ook al nie, al sou al hierdie dinge uit menslike oogpunt, belangrik wees. Die kerk se krag lê in God, die Heilige Gees, wat toerus, insig gee, die waarheid laat regeer en laat oorwin. Wanneer Jesus Christus opvaar na die hemel, gee Hy 'n opdrag aan die kerk: "Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat ek julle beveel het" (Matt 28:19, 20).

In hierdie woorde lê die opdrag van die kerk tot sendingarbeid onder al die nasies. God die Heilige Gees wil dat hierdie woorde waar sal wees in die lewe van die kerk. In Handelinge 2 en Johannes 20:22 kom God die Heilige Gees om in die lewe van die kerk die beloftewoord van Jesus Christus waar te laat word waarvan ons in Johannes 14:26 verneem: "... en wanneer die Vader in my Naam die Voorspraak, die Heilige Gees, stuur, sal Hy julle alles leer en julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het." Die kerk het as opdrag om te leer en te herinner, omdat hy self geleer en herinner word aan Jesus Christus deur die Voorspraak, die Heilige Gees. God die Heilige Gees gee aan die kerk krag om met die Evangelie van bevryding en redding op reis te gaan na die groot wêreld van ongeloof en heidendom, om so iets te laat sien van die komende koninkryk van God en van die heerlikheid van die heerskappy van Jesus Christus. Diè bevryding van die Evangelie lê nie in politieke bevryding en ideologieë nie, maar in die bevryding van die hele mens om God in gees en in waarheid te aanbid. Daarmee is gesê dat die Evangelie op 'n totale ander vlak opereer as die waarin die teologie van bevryding haar wil plaas en wil laat werk – soos ons dit vandag beleef.

In die sending is die Evangelie op reis. Ons word gevra om die reisgeld te betaal. Sien ons dit so? Is ons gesindheid nie dalk: Ek gee niks vir die sending nie? Ons moet daaraan dink dat dit 'n voorreg is om die reisgeld te help betaal. Deur te help om die reisgeld te betaal, help ons, die kerk, om mense uit hul eintlike nood te red, die nood van vervreemding van God. Die vervreemding van God is die oorsaak van alle ander nood en ellende. Die reis van die evangelie se doel is die vervulling van Handelinge 2:39: "Wat God belowe het, is vir julle en vir julle kinders en vir almal wat daar ver is, vir almal wat die Here ons God na Hom toe sal roep." Langs hierdie weg laat die kerk waar word die woorde van Jesus Christus, vlak voor sy hemelvaart: "... en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld" (Handelinge 1:8). Hiermee breek Jesus Christus alle grense tussen lande stukkend en openbaar Hy die heimwee van sy liefde ook na die wat ver is, na die ander skape wat nie van hierdie kraal is nie (Joh 10:16).

Daarom leef die kerk alleen waaragtig, as hy hom besig hou met die verbreiding en verspreiding van die evangelie onder alle tale, volke en nasies. Die beteken egter nie dat daar uiteindelik een grys massa, 'n identiteitlose, vermengde mensdom sal wees nie. Inteendeel: "Die mense wat daar praat, is tog almal Galileërs. Hoe hoor elkeen van ons dan sy eie moedertaal?" (Hand 2:7, 8). Die waarheid kan nie begrens word nie; oor grense heen kan die saligmakende waarheid alle volke bereik, sonder om kultuur, taal en volksverbondenheid te vernietig. Die Heilige Gees wil die waarheid van God laat oorwin en seëvier oor die hele wêreld. Die waarheid maak die mensdom een, nie die uiterlike georganiseerde eenheid nie, nie die saamdwing van almal in een kraal nie, hoe mooi dit ook al sou lyk. God het self gesorg dat die mensdom oor die aarde sou versprei en dat hulle verskillende tale sou praat en verskillende groeperinge sou vorm (Gen 11). Die krag van die Heilige Gees laat die Evangelie posvat, oor nasionale grense heen, onder groeperinge, volke, nasies, armes en rykes, en laat volkskerke (kerke vir bepaalde volke) ontstaan, waarin hulle in eie taal en na eie aard God kan aanbid in gees en in waarheid.

Die inhoud van die sending is en bly die tydlose waarheid van Johannes 3:16: "God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê." Daar is geen ander bevrydende woord wat God tot die volke van die wêreld spreek nie. In hierdie woord lê opgesluit die grenslose bewoënheid en liefde van God vir alle mense – vir die groot wêreld: die wêreld van verdrukking, van opstand, van dood, van lewe, armoede, rykdom, chaos, gebrokenheid, sonde, hoogmoed, geloof, ongeloof, valse geloof, heidendom, Christendom, terreur en moord, haat en liefde, lig en duisternis, sierlike kerkgeboue en stinkende agterstrate en ghetto's – die wêreld in sy ontsaglike tegnologiese ontwikkeling en vooruitgang en skreeuende armoede en agterlikheid. Dit is en bly God se wêreld – al is die wêreld mooi en lelik tegelyk.

Vir hierdie wêreld gee God sy Seun as Verlosser en Redder. Vir 'n volmaakte wêreld was dit nie nodig om 'n Verlosser te gee nie. Alleen vir 'n onvolmaakte wêreld en vir sondige, dwalende mense was dit nodig om in te gryp, te red en te herstel. Hierdie Goddelike ingrype raak nie net sekere volke en beskawings nie. Die wêreld wat God liefhet, omvat ook die massas van ateïstiese Rusland, die Moslems van Libië en die skares van Afrika. Vir so 'n wêreld gee God sy Seun. Die Seun loop verlossend, genesend, herstellend deur Galilea, Judea en Samaria – state waar mense mekaar nie verdra nie en spreek sy bevrydende woord tot vriend en vyand, eie volk en ander volk. Hy loop deur teëstand en weerstand en proklameer die koninkryk van God – selfs al loop Hy Hom uiteindelik vas teen die kruis van Golgota, waar Hy as kruiseling nog bid: Vader vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie – 'n gebed vir sy vyande.

Met hierdie woord, op hierdie pad, moet die kerk van die moderne wêreld met die Evangelie van Jesus Christus op reis wees. Is ons Kerk genoegsaam betrokke by hierdie werk?

Òf die Evangelie van Jesus Christus gaan oorwin òf die magte van die duisternis. Laat dit nooit van ons Kerk gesê word dat hy neutraal gestaan het in die stryd van die Evangelie teen die onheilsmagte nie. En laat ons onthou: Sending bring nie 'n ander godsdiens na die volke en nasies nie, maar bring Jesus Christus. Dis nie godsdiens en godsdienstige vorme wat ons toekoms waarborg nie, maar Jesus Christus die Heer van die kerk en van die wêreld!

Die fundering van die sending

deur prof E Engelbrecht



WAT IS FUNDERING?

Die fundering van 'n saak is die bewuste lê van 'n grondslag of fondament waarop die saak self as bo-bou uitgebou word. Wat die sending betref, is die fundering teologiese denke oor waarom sending gedoen word en wat met sending beoog word. Dit is duidelik dat daar eintlik 'n antwoord gegee word op die vraag na wat sending is. Streng gesproke, is die sendingfundering dus 'n voorafarbeid. 'n Fondament word tog eers gelê en dan bou mens die huis. Van die vroegste tye van die kerk af tot vandag toe het die volgorde van hierdie twee aktiwiteite egter dikwels anders verloop. Die evangelie is verkondig sonder dat 'n fondament bewustelik gelê is. Die vrae waarom die kerk die evangelie verkondig en wat die doel met die verkondiging was, is dan eers later beantwoord.

Hierdie omkering van die volgorde, fundering en bou op die fondament, was nie toevallig of te wyte aan onnadenkendheid nie. Hierdie omkering van die volgorde hang saam met wat sending is. Dikwels in die verlede het die kerk tot sy eie verbasing uitgevind dat hy sending doen. Die sending is 'n "vanselfsprekende" werk van die kerk. Hierdie vanselfsprekendheid sal later van nader bekyk word.

DIE REDES VIR SENDING

Die belangrikste dinge in ons lewe doen ons nie sommer net nie. Daar is redes waarom ons belangrike dinge doen. Beteken dit nou dat ons na redes moet gaan soek waarom ons sending moet doen? Die kerk wat na redes moet gaan soek waarom sending gedoen moet word, het die Bybel êrens verkeerd verstaan. Dikwels vind mense in hulle soektog na die redes vir sending, redes waarom sending nie gedoen moet word nie.

HUMANISTIESE REDES VIR SENDING

Humanistiese redes vir sending is redes waar die mens in die middelpunt staan. As rede vir sending word dan die jammerte vir die arme heiden aangevoer. Die heiden word jammer gekry omdat hy barbaars is of omdat hy verlore gaan of omdat hy onderdruk word.

Die humanistiese uitgangspunt van beide die Roomse en Protestantse sending in die negentiende en twintigste eeu het meegebring dat daar moeilik onderskei kon word tussen die fundering of praktyk van die twee strominge. Die politieke sendingfundering aan Roomse en Protestantse kant is vandag volkome identies. Ook hier is die humanistiese uitgangspunt van beide die grond vir hierdie ooreenkoms.

Die bekering van die heiden tot die Christelike godsdiens het in Roomse en Protestantse sending dikwels 'n belangrike rol gespeel. Ook hierdie fundering van die sending is bloot humanisties. Rondom hierdie fundering speel die aktiewe kerk of die vroom Christen 'n belangrike rol.

'n Humanistiese sendingfundering wat ook afgewys moet word, is dat ons sending moet doen ten einde ons eie volk te beskerm. Die bedreiging deur die heidendom, so word geredeneer, word afgeweer wanneer die heiden hom tot die Christendom bekeer. 'n Ander fundering wat ook in hierdie rigting lê, is dat die sending regverdiging is vir die reëling of veronderstelling dat aan die eie kerk slegs Blankes behoort. In albei hierdie laaste gevalle dien die sending dan as beskerming vir die eie.

Elke sendingfundering waarin die mens se belange 'n sleutelrol speel, moet afgewys word omdat hier 'n verwronge opvatting oor sending bestaan.

Sodra die mens die oorheersende rol in die sendingfundering speel, is dit ook moontlik om redes aan te voer waarom sending nie gedoen moet word nie. Die volgende argumente word dan aangevoer: kragte en geld is nie beskikbaar nie, of die sending veroorsaak net rassespanning, of 'n mens se verantwoordelikheid begin tog by jou eie huis.

Ekumeniese sendingfundering

In die ekumeniese fundering van die sending speel die mens 'n dominante rol. Dié teologie stel dat sending geheel en al "humanization" geword het. Hiermee word bedoel dat menslikheid die doel van sending is. Die sending moet die onderdrukte tot 'n menswaardige bestaan voer, want menswaardigheid is die ware doel van menslike bestaan en is trouens ook die mens se redding.

SENDING EN GODSDIENSPATROON

Die godsdienspatroon van 'n godsdiens is elemente wat dieperliggend in dié godsdiens funksioneer. Hierdie dieperliggende patroon bind die godsdiens tot 'n eenheid sodat die geloof, lewe en teologie as 'n eenheid funksioneer. As voorbeeld word die tendens in die ekumeniese teologie geneem wat sê dat sending "humanization" is. Hierdie sendingopvatting lê ingebed in 'n teologie wat 'n besondere openbaringsopvatting het. Ook die menslike situasie is openbaring van God. Hierdie teologie praat minder oor God en meer oor die mens. Marxistiese elemente speel 'n sleutelrol in die mensopvatting van dié denke. Die sendingopvatting van dié teologie is dus nie 'n vreemde element in die patroon nie, maar pas mooi in by die geheel.

Só pas elke sendingopvatting mooi in by sy eie godsdienspatroon.

Sending in die reformatoriese godsdienspatroon

Veral Luther het dit beklemtoon dat die voortgang van die evangelie God se werk is. Dit is nie mense wat sorg vir God se saak nie, die evangelie sorg vir sy eie voortgang. Dit is omdat die kerk vasgevang is in die voortgang van die evangelie dat die verkondiging van die evangelie dikwels die nadenke oor dié verkondiging vooruitloop. Die kerk word dikwels verras deur die feit dat mense hulle geloof bely sonder dat die kerk bewustelik sending gedoen het. Dit is die evangelie self wat sending doen en in dié voortgang maak God van sy kerk gebruik. In dié sin is die verkondiging van die evangelie aan alle mense "vanselfsprekend". Die kerk het dit nie beplan nie en ook nie tot uitvoering gebring nie – die kerk het tot sy verbasing ontdek dat God hom saamgeneem het.

Dit is dus duidelik dat in 'n reformatoriese godsdienspatroon die sending nie vanuit menslike behoeftes of oorvloed gefundeer word nie. Die sending berus ook nie op enkele Bybeltekste nie. Die sending lê eerder vasgevang in die geloof dat God self sorg vir die voortgang van sy evangelie.

In die reformatoriese godsdienspatroon is sending dus nie die taak van monnike nie, maar die taak van elke gelowige. Sending doen, beteken ook nie in die eerste plek om op 'n skip te klim en oorsee te gaan nie. Elke gelowige verkondig die evangelie in sy eie omgewing aan hulle wat die Woord nog nie gehoor het nie.

Dit is dus opvallend dat die kerk of die gelowiges nie die eintlike draers van die evangelie is nie. Sending is God se eie werk waarin Hy sy gelowiges saamneem. Die klem op die dinamiese karakter van die evangelie beteken nie dat die kerk stilsit en niks doen nie. Dat Christus in die evangelie die kerk saamneem, maak van die kerk 'n Christusbelydende kerk.

DIE MATTEUS-EVANGELIE EN SENDING

Die vooronderstelling van 'n sendingfundering op reformatoriese grondslag is dus dat die sending nie op humanistiese wyse verstaan moet word nie. 'n Mens kan jou ook nie op enkele tekste beroep om sending te "regverdig" nie. Die sending is nie 'n gedagte na die maal nie. Die kerk doen dus nie eers alles wat hy moet en dan daarna, as hy nog krag en tyd oorhet, ook 'n bietjie sending nie. Die sending lê vasgevang in die kerk se verkondiging van die evangelie. Die sendingfundering is ingesluit in die kerk se verstaan van die evangelie. Dit word veral in die Matteus-evangelie duidelik. In dié evangelie lê die klem ewe sterk op die verkondiging aan die gemeente, die Jode en die heidene. Matteus lig die opdrag om die evangelie ook aan die heidene te verkondig, nooit uit nie. Die opdrag om die evangelie aan die kerk, die Jode en die heidene te verkondig, het nie voorkeure nie. Die evangelie wat aan die kerk, die Jode en die heidene verkondig word, ondergaan ook nie aanpassing wanneer die toehoorders verander nie. Die sending lê dus vasgevang in Jesus se opdrag om die evangelie te verkondig.

Die Matteus-gemeente het dieselfde "verrassing" beleef as ons. Heidene het geglo en tot die kerk toegetree sonder dat dit eintlik die kerk se toedoen is. Voordat die kerk nog die sending behoorlik kon fundeer, is die evangelie reeds deur heidene aanvaar (Matt 8:5–13; 15:21–28). Die alomverkondiging van die evangelie word in die Matteus-evangelie gebind aan die lojaliteit aan Jesus. Dié wat lojaal teenoor Jesus is, sal wanneer hulle ter wille van Hom in 'n krisis kom, nie swyg nie, maar Hom verkondig as God-by-ons. Hierdie verkondiging beleef die kerk as opdrag (Matt 10:16), maar ook as gawe deur die Gees (Matt 10:20). In die krisis is dit nie die gelowiges wat verkondig nie, maar die Gees van die Vader wat deur hulle verkondig. Die verkondiging as opdrag van Christus en gawe van die Gees word deur die gemeente uitgevoer omdat Christus in hulle midde is. Ook in die na-pasetyd word die sending dus nie aan die kerk oorgegee nie. Matteus het saam met die vroeë kerk die voldonge feit dat heidene glo, as God se eie werk aanvaar.

Die lojaliteit aan Jesus bring mee dat daar in die Matteus-evangelie nie spanning is tussen pastorale besorgdheid en die verkondiging van die evangelie aan die heidene nie. Die verkondiging aan albei is opdrag van Jesus.

Dat die sending God se eie werk is, beklemtoon Matteus deur Jesus-Woorde wat as profete-Woord die toekoms skep (Matt 8:11; 10:21; 16:21; 17:22, 23; 21:43; 24:14). As God-by-ons wys Jesus se profete-Woord vooruit na die geloof van heidene in Hom. Jesus se Woord is dus 'n handelende mag wat bestaan gee aan toekomstige gebeure. Ook ons moet, net soos die Matteus-gemeente, glo dat die geloof van die heidene God se eie werk is. Die heidensending word werklikheid omdat God se profete-Woord wat Jesus gespreek het, die geskiedenis lei en rig.

Kerk en sending is in die Matteus-evangelie nóú verbind. In elke heenwysing na die toekoms van die heidene deur Jesus tree die kerk ook op (Matt 8:11; 21:43; 22:9; 28:19, 20). God se bemoeienis met die heidene is dus nie iets wat los van die kerk staan nie. Die kerk word saamgeneem in God se bemoeiing met die heidene en hierdeur glo die heidene en tree hulle tot die kerk toe.

'n Verdere element in die Matteus-evangelie se sendingmotief is dat aan Jesus volmag deur God gegee is (vgl Matt 7:29; 9:6; 9:8; 28:18). Dié Jesus wat volmag het, is die Een wat sy dissipels uitstuur om die evangelie aan alle volke te gaan verkondig. Sy volmag gaan hulle op twee maniere voor. Geen ongeloofsmag of heidense mag is groter as sy volmag nie. Hy is immers God-by-ons (Matt 1:23; 17:17; 26:29; 28:20). Hy wat beveel, is die Een wat volmag het en is dus die Een teenoor wie ons lojaliteit moet betoon. Die lojaliteit aan Jesus beteken dat sy navolgers Hom in gehoorsaamheid sal verkondig.

Die sending tree dus by Matteus nie as 'n vereensaamde of selfstandige motief op die voorgrond nie. Die sending is altyd met Christus vervleg. Alleen wanneer die sentrale rol van Jesus en die lojale gehoorsaamheid aan Hom in hierdie vervlegting van sending en Christus raakgesien word, sal ons Matteus se sendingmotief verstaan. Die persoonlike verhouding tot Jesus is die sentrale senuwee van alle gehoorsaamheid en daarom ook van sending.

Die tendens in die ekumeniese teologie en die uitgesproke kerntema van die politieke teologie om sending bloot as die skepping van sosiale geregtigheid te verstaan, vind geen steun in die Matteus-evangelie nie. In hierdie teologieë tree Christus op die agtergrond omdat die mens so sterk op die voorgrond tree. Die verweer van hierdie denkrigtings dat dit nie 'n kwessie van horisontaal teenoor vertikaal is nie, maar van prakties teenoor leë teorie, gaan nie op nie. Hulle verweer is dat in die beklemtoning van die menslike (horisontale) in die praktyk van sending daar nie 'n onderbeklemtoning van God (die vertikale) is nie. Al wat hulle wil beklemtoon, sê hulle, is dat sending prakties is. Hierdie argument gaan nie op nie, omdat die oorbeklemtoning of eensydige beklemtoning van die praktiese op 'n teoretiese basis rus wat sterk deur die Marxistiese denkpatroon beïnvloed is en wat duidelik impliseer dat God op die agtergrond moet tree sodat die mens meer klem kan ontvang.

'n Verantwoordelike verrekening van Matteus se teologie sal kennis moet neem van sy klem op menslikheid (vgl Matt 5:43–48). Hierdie klem op menslikheid hou vir die sending gevolge in. Sending kan nie menslik onbetrokke wees nie.

TEORIE EN PRAKTYK

Die sendingfundering hou hom nie soseer besig met die redes waarom sending gedoen word nie, maar eerder met die vraag na wat sending is. Ons het gesien dat hierdie vraag ten nouste saamhang met die totale godsdienspatroon van 'n godsdiens of besondere teologie.

Die ekumeniese teologie, maar veral die politieke teologie (Revolusie-teologie en sy verwante) lê baie klem op die praktyk. Hierdie beklemtoning van die praktiese is 'n aansluiting by die denkpatroon van Marx. Hierdie patroon stel die teorie en praktyk dialekties antiteties teenoor mekaar. Hiermee word bedoel dat die praktyk die teorie

oorbodig moet maak. Die praktyk moet die teorie ophef. Vir die sending vanuit reformatoriese standpunt hou bogenoemde opvatting van die politieke teologie gevolge in.

In die reformatoriese sendingfundering hef teorie en praktyk mekaar nooit op nie, maar stel die een altyd kritiese vrae aan die ander. Praktiese sending herinner die sendingfundering daaraan dat blote teorie ongehoorsaamheid is. Die fundering herinner die praktyk daaraan dat onnadenkende praktyk dwaling is.

In die godsdienspatrone van die politieke teologie en die reformatoriese teologie is die konstruksie van die verhouding tussen praktyk en teorie dus radikaal verskillend. Die reformatoriese teologie kan die politieke teologie nie teoreties beantwoord nie, want die teorie word in die politieke teologie opgehef en tot niet gemaak. Die reformatoriese teologie kan hierdie Marxisties georiënteerde denke slegs prakties antwoord deur prakties sending te doen.

Klipdrif

deur prof S J Botha

Klipdrif – dit is die plek waarheen die Hervormde Teologiese Opleiding soos in die *Almanak* van 1985 in vooruitsig gestel, verskuif is. Sowat sestig kilometer vanaf Kerkplein (Pretoria) lê die terrein baie na aan die groot deurpad na die Noorde in 'n egte, rustige Bosveldwêreld. Weggesteek tussen 'n verskeidenheid Bosveldbome staan die geboue waar met nuwe entoesiasme, gebore uit hernude hoop, predikante opgelei word vir die Hervormde Kerk in Suidelike Afrika, die sendingkerk van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.

Toe dit aan die begin van 1985 duidelik begin word het dat verskuiwing vanaf die Universiteit van die Noorde onvermydelik sou word, was die benouende vraag waarmee lank geworstel is: waarheen? Gelukkig, toe die besluit geneem moes word, was daar ook 'n antwoord op die vraag: na Klipdrif, na die gedeelte wat deur wyle broeder Japie Steenkamp aan die Kerk bemaak is. Almal wat betrokke was by die neem van die besluit om te verskuif, het die gevoel gedeel dat hierdie uitkoms 'n beskikking van God was. Suster Rie Steenkamp, die weduwee van broeder Japie, wat steeds die plaas bewoon en vruggebruik het, het dadelik ingestem tot die oprigting van geboue, waarvoor die Kerk dankbaar kan wees.

Die oomblik toe die besluit tot verskuiwing aan die begin van Augustus 1985 geneem is, was al wat seker was, die plek waarheen verskuif sou word. Verder was daar teen heelwat bedenkinge in die hardkoppige voorneme om aan die begin van Maart 1986 met onderrig te begin. Daar was slegs sewe maande waarin die beplanning en oprigting van die geboue en 'n duisternis ander voorbereidings getref moes word.

Gelukkig was die flinke dienste van die argitek, mnr Hendrik Vermooten, tot beskiking van die Sendingraad, terwyl mnr A B van N Herbst, die vorige Administrateur, 'n meester was wanneer haakplekke uit die weg geruim moes word. Na mnr Herbst het mnr Leon de Munnik as 'n waardige en bekwame opvolger oorgeneem. Nogtans het dit baie na aan vier maande geneem voordat die voorbereidende werk afgehandel was en toe Desember aanbreek en daar nog nie een steen gelê is nie, was daar groot kommer en twyfel of die doelwit bereik sou kon word.

Gelukkig is die dienste van ouderling Pieter Botha op daardie stadium as bouaannemer bekom. Gedurende die tweede week van Desember het sy werkspanne 'n aanvang gemaak en met bekwame spoed daagliks van sonop tot sononder, van Maandag tot Saterdag en selfs op vakansiedae gesweet onder die Bosveldson om die geboue te laat verrys. Gaandeweg het die opdrag ook al groter geword. Aanvanklik is beplan om die kompleks in drie fases, versprei oor 'n paar jaar, op te rig. Uiteindelik is egter, na die nodige subtiele aanmoediging, besluit om die hele kompleks gelyktydig af te handel.

Hoewel nog heelwat afrondingswerk gedoen moes word, kon die studente in elk geval op 10 Maart 1986 die koshuise betrek en kon op 11 Maart 1986 met akademiese werk begin word. Die doelwit van begin Maart 1986 is verwesenlik!

Op die geboue wat opgerig is, kan die Kerk trots wees. Daar is genoeg geriewe vir agtien enkellopende en drie getroude inwonende studente. Indien van die getroude kwartiere ook vir enkellopende studente gebruik sou word, kan selfs soveel as dertig

studente gehuisves word. Daar is besluit om met ses en twintig enkellopende studente en een getroude inwonende student te begin. Uiteindelik is 'n getal van vier en twintig studente ingeskryf.

Die hoofgebou bestaan uit 'n administratiewe gedeelte, 'n saal en kombuis, asook dosentekantore, 'n biblioteek, lesingkamers en ander geriewe. Al hierdie geriewe kan as funksioneel doelmatig beskou word.

Die eerste maand het nie sonder die onvermydelike kwota "tandekryprobleme" gepaard gegaan nie. Aanvanklik moes water aangery word en byna daagliks was daar 'n waterkrisis of liewer 'n "droogtekrisis". Ook die tydelike elektriese opwektoestelle het gereeld kragonderbrekings opgelewer.

Belangrik egter was dat begin kon word en dat in rus en vrede produktief gewerk kon word. Baie gou was daar 'n ontspanne atmosfeer en dosente en studente het hulle tevredenheid met die nuwe opset te kenne gegee.



Tydens die amptelike ingebruikneming van eie geboue van die Hervormde Teologiese Opleiding te Klipdrif was proff C H Rautenbach enigste oorlewende lid van die Ned Hervormde Sendinggenootskap, P S Dreyer, Voorsitter van die Sendingraad en J P Oberholzer, Voorsitter van die Algemene Kerkvergadering van die Ned Hervormde Kerk teenwoordig. Saam met hulle staan prof S J Botha, heel links.



Prof P S Dreyer, Voorsitter van die Sendingraad, onthul die gedenkplaat. Ander persone op die foto is v l n r mev Corrie Wolmarans, eggenote van wyle prof H P Wolmarans; ds Manala, skriba van die Algemene Kerkvergadering van die HKSA; ds Madlala, vise-skriba; ds Banda, voorsitter en prof S J Botha, hoof van Hervormde Teologiese Opleiding.

Op 7 Junie 1986 kon die nuwe gebouekompleks onder blyke van groot belangstelling in gebruik geneem word. Aan die verrigtinge het die Superintendent van Sending, ds J A P van Tonder, prof J P Oberholzer, Voorsitter van die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, ds J Z Banda, Voorsitter van die Algemene Kerkvergadering van die Hervormde Kerk in Suidelike Afrika, prof P S Dreyer, Voorsitter van die Sendingraad, dosente, studente en talle besoekers deel gehad.

Natuurlik lê daar nog baie harde bouwerk voor. In die eerste plek bouwerk en slypwerk aan die mensemateriaal en daarnaas bouwerk om die Hervormde Teologiese Opleiding in alle opsigte 'n trots en sieraad vir die Nederduitsch Hervormde Kerk in die besonder en 'n getroue dienskneg vir die kerk in die algemeen en boweal die Hoof van die kerk, Jesus Christus, te maak. Dat begin kon word en reeds baie vermag is, kan alleen maar tot diepe dankbaarheid oproep – dankbaarheid teenoor die Here God wat dit toegelaat en moontlik gemaak het.

Geskiedenis van die Sendingkerk

deur prof S J Botha



Anders as die verwagting wat deur die opskrif gewek word, kan om verskeie redes nie werklik 'n geskiedenis van die Hervormde Kerk in Suidelike Afrika, die sendingkerk van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, gegee word nie. Hier kan slegs gepoog word om 'n oorsig te gee van wat genoem kan word 'n mengsel van die geskiedenis van die sending in die Nederduitsch Hervormde Kerk en die geskiedenis van die Hervormde Kerk in Suidelike Afrika vir sover dit deel vorm van die geskiedenis van die sending in die Nederduitsch Hervormde Kerk.

In die sendinggeskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk kan drie periodes onderskei word. Die eerste periode wat vanaf die vestiging in die Zuid-Afrikaansche Republiek tot by 1928 strek, kan beskryf word as die tydperk waarin oor die saak van sending geworstel en besin is. Prinsipiële besluite ten gunste van sending is wel geneem, maar daar is nie tot praktiese sendingwerk in die tydperk oorgegaan nie. In sy doktorale proefskrif het prof H G van der Westhuizen indringend oor die tydperk gehandel en daarom word dit nie hier verder behandel nie.

Die tweede tydperk wat met 1928 'n aanvang geneem het, het wel deeglik praktiese sendingwerk opgelewer. Dit is egter nie deur die Nederduitsch Hervormde Kerk as sodanig bedryf nie, maar oorgelaat aan vrywillige individue wat hulle ten gunste van sending beywer het. Hierdie individue het hulleself aanvanklik georganiseer in die Nederduitsch Hervormde Sendinggenootskap en later in die Nederduitsch Hervormde Evangelisasie-Vereniging.

Aangesien dr D J C van Wyk in 'n artikel in die Hervormde Teologiese Studies, Jaargang 42, Nr 3, September 1986, getitel *Die Nederduitsch Hervormde Kerk se Sendingwerk 1928–1967. Van Besinning tot Daad,* meer volledig oor die periode gehandel het en dit daar nagegaan kan word, word hier volstaan met slegs enkele opmerkings.

As gevolg van allerlei gebeure in Natal sedert 1923, het die Nederduitsch Hervormde Kerk teen 1928 'n gulde geleentheid gekry om met daadwerklike sending onder die Zoeloes te begin. 'n Gemeente onder die leraar, Andrew Mlaba, van tussen 300 en 400 lidmate sterk, het op prinsipiële gronde weggebreek van die Free Church of Scotland en hulle by die Nederduitsch Hervormde Kerk aangemeld. Hulle het hulle tuis gevoel in die Hervormde klimaat en het instemming betuig met die teologie en sendingbeleid van die Nederduitsch Hervormde Kerk.

Ongelukkig het die Nederduitsch Hervormde Kerk nie sy weg oop gesien om self met sendingwerk te begin nie, maar het dit oorgelaat aan individue om hulle buite die

Kerk vir die saak te beywer. Dit het daartoe gelei dat die Nederduitsch Hervormde Sendinggenootskap op 7 November 1929 tot stand gekom het en as 'n maatskappy geregistreer is. Die aandeelhouers in die maatskappy was dr H C M Fourie, di L E Brandt, S Vermooten en C H Rautenbach, asook die here J W Gehle, W van Manen, J van Melle, H Sondorp, A H Koomans en B J A Lingbeck.

Hierdie Sendinggenootskap het die verantwoordelikheid ten opsigte van die Zoeloegemeente te Lufafa oorgeneem en aan Mlaba 'n akte van aanstelling gegee. Vir die volgende paar jaar was daar bestendige groei. Spoedig was daar reeds ses afdelings, naamlik te Lufafa, New Canaan, Weenen, Donnybrook, Highflats en Bulwar, bestaande uit vyfhonderd lidmate.

Ongelukkig het die Sendinggenootskap in 1937 ontbind en is sy werk eers weer in 1942 deur die Nederduitsch Hervormde Evangelisasie-Vereniging opgeneem. Die Vereniging is in Mei 1942 deur di J J Prinsloo, P J Smit en A J Nolte en die here J van Melle en W van Manen gestig.

Dit spreek feitlik vanself dat die gebrek aan 'n behoorlike en aaneenlopende organisasie ten opsigte van die sending, nie baie bevorderlik was vir bestendige groei nie. Bowendien was daar ook voortdurend 'n gebrek aan genoegsame fondse wat die werk gekortwiek het. Dit is ook nog vererger vanweë die feit dat Mlaba oud geword het en al swakker werk begin lewer het. Nogtans het die gemeente bly voortgaan en daarmee het die deur na die sendingveld in Natal oopgebly.

Hoewel nòg die Sendinggenootskap nòg die Sendingvereniging iets besonder skouspelagtigs opgelewer het, kan die werk wat gedoen is, nie sonder meer geringgeskat word nie. Dit het vir die Kerk die noodsaaklike vertrekpunt geskep om vanaf 1945 te kon opbou.

Die jaar 1945 lui die derde periode in die sendinggeskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk in. In hierdie tydperk het die Kerk die beginsel aanvaar om self die sending ter hand te neem en is die besluit ook in daad omgesit. Die derde periode wat tans steeds voortgaan, kan weer in verskillende fases ingedeel word. As eerste fase kan genoem word *Die Nederduitsch Hervormde Evangelisasiekommissie 1945–1951.*

Aan die begin van hierdie fase staan die beginselbesluit van die Algemene Kerkvergadering van 1945, naamlik:

> "Hierdie H E Algemene Vergadering wens by herhaling te beklemtoon dat hy ten volle bewus is van die taak en roeping van die Nederduitsch Herv. Kerk, as Kerk van Christus, om die evangelie tot die heidene te bring; dat die Herv. Kerk egter deur verskillende omstandighede tot hiertoe nog nie sy volle aandag aan die evangelieprediking onder die heidene kon gee nie, 'n feit wat ons betreur en skuldig laat voel; dat die tyd nou aangebreek het om die saak met die grootste erns aan te pak; en besluit om 'n kommissie te benoem om 'n skema uit te werk hoe die Kerk te werk moet gaan en om leiding in hierdie saak te gee en dat die bestaande genootskap voorlopig voortgaan met sy werk."

As Evangelisasiekommissie is benoem ds J G M Dreyer (voorsitter), di A J G Oosthuizen, S Vermooten, J J Prinsloo (G'sn.), L M le Roux, J J Engelbrecht, F J van Zyl, W van Bergen en C S van H Steenekamp. As beleid het die Evangelisasiekommissie onder andere die volgende gestel: dat beoog sou word om 'n afsonderlike kerk onder die swart volke tot stand te bring; dat swart volke in hulle stam- en familieverband en dus ook volksverband bearbei sou word, dat sendingwerkkragte

uit die volkere onder wie gewerk sou word, moes kom; dat hierdie sendingwerkkragte behoorlik opgelei sou word en as geordende predikante uitgestuur sou word; dat 'n blanke superintendent as skakel aangestel sou word en dat gemeentes so gou moontlik tot selfstandigheid gelei sou word.

Behalwe hierdie riglyne wat die koers moes aandui, moes die werk in Natal ook aan die gang gehou word. Vir Mlaba, wat toe reeds baie oud en sieklik was, moes 'n opvolger verkry word. Gelukkig was S P Mpanza, 'n predikant van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk bereid om 'n beroep na die Hervormde Bantoe Kerk, soos die Kerk toe genoem is, te aanvaar. Op 15 Junie 1947 is hy bevestig en tot met sy aftrede in 1980 het hierdie troue dienaar van die Heer die amp waartoe hy geroep was, met onderskeiding beklee.

Raad vir Evangelisasie van Nie-Christelike Volke

Die tweede fase van die derde periode het begin toe die Algemene Kerkvergadering van 1951 die naam van die Evangelisasiekommissie na die Raad vir Evangelisasie van Nie-Christelike Volke verander het. Hoewel ds W J Kemp tot 1954 en ds Joh Dreyer daarna tot 1957 voorsitter van die Raad was, het 'n ander persoon in dié tydperk na vore begin kom wat tot op die huidige (1986) 'n beslissende rol in die sendingwerk van die Nederduitsch Hervormde Kerk gespeel het en dit is prof P S Dreyer. Aanvanklik as lid, maar vanaf 1957 as voorsitter van die Raad het prof Dreyer die gang van die sendingwerk van die Nederduitsch Hervormde Kerk beslissend bepaal. Tot op hede het niemand nog meer gedoen as hy om by die lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk bereidheid tot offers vir die sending te kweek nie. Terselfdertyd het hy voortdurend sy oog gehou oor die praktiese sendingwerk en het hy gesorg dat 'n bevredigende groeitempo gehandhaaf is.

Tot 1964 het daar nie minder nie as een en twintig nuwe gemeentes van die sendingkerk tot stand gekom en het daar ook 31 predikante en 13 evangeliste toegetree. Heelwat kerkgeboue is opgerig en ook is begin met 'n vroue-organisasie. Probleme was daar ook baie. Voortdurend was daar maar 'n gebrek aan fondse, terwyl die predikante in die meeste gevalle maar swak opgelei was en baie dikwels onbetroubaar was, met die gevolg dat daar 'n taamlike erosie onder hulle plaasgevind het. Ten slotte het dit in elk geval duidelik geword dat 'n herbeplanning van die sendingwerk in die Nederduitsch Hervormde Kerk noodsaaklik geword het en dat die vestiging van 'n eie teologiese opleiding 'n absolute vereiste was.

Ten opsigte van die herbeplanning het prof A D Pont 'n beslissende bydrae gelewer. Vanweë 'n voordrag oor die sending en voorstelle van sy kant is die sendingwerk in die Nederduitsch Hervormde Kerk totaal gereorganiseer. Die voorstelle het tot gevolg gehad dat 'n Sentrale Raad vir die Kerstening van die Heidene daargestel is wat moes dien as die sentrale koördinerende raad vir die Kerk in sy geheel. Aan die raad is wye opdragte gegee. Verder is in elke ring 'n ringsraad gevorm wat in ringsverband die werk moes bekostig en die nodige opsig en toesig hou. Die plan is vanaf 1 Januarie 1963 vir 'n proeftyd in werking gestel en in April 1964 het die Algemene Kerkvergadering die plan en die nuwe naam vir die Raad bevestig. Daarmee het 'n volgende fase in die groei en ontwikkeling van die sendingwerk aangebreek.

Die fase 1964 tot 1967

Hierdie volgende fase het beteken dat 'n baie groter deel van die Nederduitsch

Hervormde Kerk by die sendingwerk betrokke kon raak. Finansieel het daar 'n ingrypende verandering gekom en baie meer geld het toe tot beskikking van die sendingwerk gekom. Nog 'n belangrike ontwikkeling in hierdie fase was die aanstelling van 'n deeltydse superintendent in die persoon van ds J A P van Tonder. Ook in die Bantoe Hervormde Kerk het heelwat ontwikkelinge plaasgevind. Ten opsigte van die organisasie van die Kerk is drie ringe tot stand gebring, naamlik 'n Noordelike Ring, vanaf Pretoria noordwaarts; die Westelike Ring, suid en wes van Johannesburg met insluiting van die Oranje-Vrystaat en die Oostelike Ring wat Natal en Transkei omvat het. Terselfdertyd is aandag gegee aan 'n eie liederbundel, eie kerkwet en ook aan die beter bearbeiding van die jeug.

Vanaf 1967 tot 1973

'n Volgende fase het aangebreek toe die Algemene Kerkvergadering in 1967 in beginsel besluit het om 'n voltydse superintendent vir kerstening aan te stel. Dit het die Algemene Kerkvergadering gedoen op grond van aanbevelings wat deur die Sentrale Raad vir Kerstening gemaak is. Die Sentrale Raad het hom weer laat lei deur 'n rapport van dr J P Oberholzer en ds J F Mouton. In die rapport is die volgende belangrike sake gestel:

(a) "Die raad sal hom herinner dat die laaste Algemene Kerkvergadering voorstelle in hierdie verband oorweeg het (Notule Alg Kerkvergadering, bl 126 w) en ook aanbeveel het dat vir elke streek 'n deeltydse Bantoe-superintendent benoem word, wanneer moontlik, wat sal staan onder die toesig van 'n deeltydse Blanke superintendent.

(b) Die kommissie het die huidige toestand sorgvuldig oorweeg en tot die slotsom gekom dat die beheer oor die arbeid van die dienaars van die Woord en oor die organisasie van die gemeentes nie aan die eise wat deur die Kerk gestel word, voldoen nie. U word daaraan herinner dat die Kerk homself ten doel gestel het om diegene wat uit die heidendom tot geloof gekom, *behulpsaam te wees in die vorming van gemeentes en uiteindelik van 'n selfstandige kerk of kerke.*

(c) Die omvang van die taak wat die Kerk homself gestel het, kan eers reg besef word as in aanmerking geneem word dat dit elke klein besonderheid van die gemeentelike bestaan raak en dat die grondslae wat nou gelê word in groot mate bepalend gaan wees vir die toekoms. Hierdie taak kom ons so omvattend voor dat dit nie oorgelaat kan word aan die sporadiese aandag van 'n superintendent of ringsuperintendente nie. En aangesien die Kerk oor weinig ervare Bantoedienaars van die Woord beskik wat deur en deur van die Kerk hul vorming ontvang het, lyk dit ons ongewens om die aanbeveling van die Algemene Kerkvergadering ten uitvoer te bring. Die kommissie is daarvan oortuig dat die groei van die Bantoe Hervormde Kerk alleen in 'n gesonde rigting gelei kan word as 'n Blanke dienaar van die Woord wat oor die nodige ervaring, takt en toewyding beskik, minstens vir 'n tydperk sy voltydse aandag aan die Bantoe Hervormde Kerk sal gee.

(d) Die arbeid van 27 dienaars van die Woord, die organisasie van 4 550 lidmate in die gemeentes en die besteding van meer as R25 000 jaarliks van ons kant is na ons mening voldoende rede vir die aanstelling van 'n voltydse superintendent, ten einde te verseker dat die kragte en fondse wat reeds beskikbaar is op die beste wyse aangewend sal word en dat die vordering van hierdie werk op 'n ordelike en verantwoordelike wyse sal geskied.

(e) Naas die toesig oor en leiding aan die Bantoe Hervormde Kerk sal die voorgestelde voltydse superintendent ook tot taak hê die bevordering van die apostolaat van die Kerk in hierdie verband onder ons eie lidmate waaronder inligting oor die werk onder die Bantoe 'n vername plek behoort in te neem.

(f) Die kommissie dring daarop aan dat die Raad hom ten doel sal stel om so gou moontlik 'n voltydse superintendent te benoem, en dat in die tussentyd 'n reëling getref word wat so goed moontlik by die doel sal aanpas veral ten opsigte van die sentrale beheer en toesig oor die kersteningswerk."

By die oorweging van hierdie verslag het ds Van Tonder die Raad meegedeel dat hy waarskynlik as predikant van Fonteinedal meer tyd tot sy beskikking sou hê en dat hy daarom aanbied om nog voort te gaan om die superintendentswerk op 'n deeltydse basis te verrig. Dit het die Raad die volgende besluit laat neem:

> "dat die beginsel van 'n voltydse superintendent soos deur die Komitee aanbeveel, deur die Raad aanvaar word;
> dat, met die oog op die finansiële implikasies verbonde aan die benoeming van 'n voltydse superintendent die Raad die aanbod van ds J A P van Tonder aanvaar, nl om in die vrye tyd tot sy beskikking die superintendentswerk te behartig;
> dat ds Van Tonder in sy gemelde hoedanigheid gebruik sal maak van Bantoedienaars van die Woord as hulp-kontakpersone."

Tog het dit al duideliker geword dat die dienste van 'n voltydse superintendent al meer onontbeerlik geword het, want intussen het die sendingkerk steeds bestendig gegroei en die gemeentes het al meer verspreid geraak. 'n Verdere agt gemeentes is gestig, terwyl sewe goed opgeleide predikante en vier evangeliste toegetree het. Teen 1973 was daar 30 werkkragte, 6 574 belydende lidmate en 19 kerkgeboue. Hoewel ds Van Tonder uitstekende dienste gelewer het, was dit toe duidelik dat die dienste van 'n voltydse werkkrag nie langer ontbeer kon word nie.

Sedert 1973

Besluite wat tydens die Algemene Kerkvergadering van 1973 geneem is, het in meer as een opsig beklemtoon dat 'n volgende fase in die sendinggeskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk binnegegaan is. Eerstens het die Raad nog eens 'n naamsverandering ondergaan en die Raad vir Kerke in eie Volksverband geword. By 'n volgende Algemene Vergadering in 1976 sou die Raad uiteindelik die naam kry wat hy lankal moes gehad het, naamlik Sendingraad.

Tweedens is die belangrike besluit geneem om 'n eie onafhanklike opleiding op te rig waar sendingwerkkragte opgelei sou kon word. Vir die oprigting van geboue is dadelik begroot. Dit het duidelik geword dat die Nederduitsch Hervormde Kerk toe bereid en gereed was om die sendingwerk aanmerklik te laat versnel. Omdat reeds in die *Almanak* van 1986 en ook elders in hierdie uitgawe oor die teologiese opleiding heelwat gesê is, word hier volstaan deur te beklemtoon dat vir die Nederduitsch Hervormde Kerk teologiese opleiding 'n baie belangrike fokuspunt van sy sendingpoging uitmaak.

Laastens was daar die besluit om vir 'n Superintendent vir Volkskerke te begroot en 'n voltydse persoon te benoem. Die logiese keuse was ds J A P van Tonder en hy was gelukkig daarvoor bekwaam en daartoe bereid. Tot op hede is hy steeds die

"sendeling" van die Nederduitsch Hervormde Kerk wat in sowel die sendende as in die sendingkerk besondere diens lewer. Die samestelling van 'n voltydse superintendent was ook in 'n ander opsig tydig. Die sendingkerk het naamlik reeds so 'n stadium van ontwikkeling bereik dat al sterker in die rigting van kerkregtelike selfstandigheid gedink is. Leiding en rigtinggewing van 'n bekwame voltydse werkkrag was hiervoor uiters noodsaaklik. Eerstens is die drie ringe herrangskik om ses ringe te word, te wete drie in Transvaal en een elk in Natal, Transkei en die Oranje-Vrystaat. Wat hierop moes volg, was 'n sinodale of algemene kerkvergadering.

Dit was nie alleen vir die sendingkerk nie, maar ook vir die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 'n heuglike gebeurtenis toe die eerste Algemene Kerkvergadering van die Hervormde Kerk in Suidelike Afrika op 19 Julie 1977 te Sovenga vergader het. Die vergadering wat uit meer as negentig lede saamgestel is, het in die Stofbergse Teologiese Skool byeengekom. Die opening van die vergadering is waargeneem deur ds A M Kupa wat uit Psalm 127 gelees en Gesang 345 laat sing het om daarna in gebed voor te gaan. By die konstituering is die volgende Moderamen saamgestel:

> Voorsitter: Ds A M Kupa; skriba: ds C M K Dlamini; vise-voorsitter: ds N R Sithole; vise-skriba: ds A M Modiboa.

Een van die belangrikste beslissings wat geneem moes word, was oor die naam van die Kerk. Die keuse het op Hervormde Kerk in Suidelike Afrika geval en hierin het die jong Kerk sy selfstandigheid ten opsigte van besluitneming getoon. Reeds in 1974 is uit die Kerk gevra dat die geregistreerde naam Bantoe Hervormde Kerk liefs verander moes word na Hervormde Kerk in Suidelike Afrika. Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika het verklaar dat hy nie ten gunste van die naam was nie, maar sou verkies dat oorweging geskenk word aan die name Nguni Hervormde Kerk en Sotho Hervormde Kerk. Die beslissing ten gunste van die naam Hervormde Kerk in Suidelike Afrika het daarom getoon dat die Kerk sy eie beslissings selfstandig sou neem. Vir die Nederduitsch Hervormde Kerk het dit egter geen probleme meegebring nie, want so 'n selfstandigheid van optrede is juis wat die Nederduitsch Hervormde Kerk hom ten doel gestel het ten opsigte van die Kerk wat uit die sending gebore sou word. Die Nederduitsch Hervormde Kerk wil daarom nie voorskrywend optree nie en respekteer die selfstandigheid van die Hervormde Kerk in Suidelike Afrika.

Van baie groot betekenis was dat die Hervormde Kerk in Suidelike Afrika uitdruklik in sy kerkwet, wat ook nou bekragtig is, bely het dat hy hom grond op die Bybel as God se Woord en dat sy belydenis uitgedruk is in die drie Formuliere van Enigheid, naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls. Die Nederduitsch Hervormde Kerk was dankbaar, want deur sy sendingwerk het 'n Christelike kerk in Calvinisties-Reformatoriese gestalte tot stand gekom.

Intussen is in Julie 1980 en Augustus 1985 onderskeidelik die tweede en derde Algemene Kerkvergaderings gehou en het die Kerk homself reeds redelik sterk en selfstandig gevestig. Tans bestaan daar sewe ringe oor die hele Republiek, Bophuthatswana en Transkei met meer as twintigduisend lidmate wat deur drie en vyftig predikante en evangeliste bedien word.

Wat nie uit die oog verloor moet word in verband met hierdie jong Kerk nie, is dat

hy in 'n uiters moeilike fase van die geskiedenis in Suid-Afrika op sy eie bene begin loop het. Die jaar 1977 was immers slegs 'n jaar na die onluste van 1976 en sedertdien het die onrus alleen maar in intensiteit toegeneem. Daarom is dit ook die roeping van die Nederduitsch Hervormde Kerk om met begrip na die Hervormde Kerk in Suidelike Afrika te kyk, te luister en veral ook vir die Kerk te bid.

Vanaf 1986

Met die verskuiwing van die Hervormde Teologiese Opleiding na Klipdrif het nog 'n volgende fase in die ontwikkeling van die sending in die Nederduitsch Hervormde Kerk aangebreek. Uiteindelik het die Kerk sy lank gekoesterde ideaal verwesenlik met 'n eie selfstandige opleiding. Biddend en hoopvol word die toekoms hiervandaan betree.

Die Nederduitsch Hervormde Kerk as volkskerk

deur dr J H Koekemoer



Tydens die Algemene Kerkvergadering van 1986 het dit weer telkens in die besprekings deurgeskemer dat die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 'n volkskerk wil wees.

Wanneer die uitsprake gehoor word, kom die vraag onwillekeurig na vore: Wat bedoel die Kerk as hy so kerk wil wees? Indien die antwoord hierop sou wees dat die grense van die Kerk gelykgestel word aan die grense van die volk, lyk die antwoord nie net hoogs problematies nie, maar ook onaanvaarbaar. So 'n uitspraak sou die wese van die Kerk in gedrang bring, die werk van die Heilige Gees negeer en 'n ernstige vraagteken oor die eie geloofsbeslissing van lidmate plaas.

Dit lyk dus voor-die-hand-liggend dat die antwoord in 'n ander rigting gesoek moet word.

Sonder om hier in te gaan op die stryd wat daar was tussen die aanhangers van die volkskerkgedagte en die van die vrye kerk, wil ek die vraag na die volkskerk in ons eie konteks tog aan die orde probeer stel.

In Artikel I van sy Kerkwet stel die Nederduitsch Hervormde Kerk dat hy hom grond op die Bybel as die Woord van God. Dit kan eintlik ook nie anders nie, want die kerk is altyd en alleen kerk onder die Woord. Die kerk is geroepe om die Woord van God te verkondig en op die wyse mense op te roep tot bekering en geloof. Tegelyk sê die Nederduitsch Hervormde Kerk egter ook dat hy ooreenkomstig sy belydenis openbaring van een, heilige, algemene Christelike kerk is. Daarmee het die Kerk twee dinge van homself gesê:

- Daar is maar net *een* kerk van Jesus Christus en hierdie kerk is *heilig* en *algemeen.* Die eenheid van die kerk tree hierin sterk na vore, maar net so ook die heiligheid en die *algemeenheid* van die kerk.
- Die Nederduitsch Hervormde Kerk bely dat hy 'n gestalte van die een, heilige, algemene Christelike kerk is.

Hiermee het hy nie gesê dat hy die enigste gestalte is nie, maar tog ondubbelsinnig gesê dat hy 'n gestalte is. In sy lewe en werk sê hy dus dat hy kerk van Jesus Christus wil wees en getrou aan die *een Heer,* sy roeping en verantwoordelikheid wil uitvoer.

Dit is egter nie hier, in die uitvoering van roeping en verantwoordelikheid dat die

Nederduitsch Hervormde Kerk 'n keuse maak ten gunste van die volkskerk. Dit is die wyse waarop hy kerk wil wees.

Die Kerk maak die keuse onder die ernstige besef dat kerk en volk nie identies is nie en dat die kerk nooit in die volk kan opgaan nie. Daar is 'n spanning in die begrippe volk en kerk wat hy steeds wil handhaaf. Om hieraan uitdrukking te gee, het die Kerk hom in 1986 by monde van prof J P Oberholzer soos volg uitgedruk:

> "Die volk is organiese, veranderende lewensverband en daarby sonder ewigheidswaarde. Kerstening van 'die volk' beteken dat daar hoop bestaan vir 'n Christelik-nasionale kultuur. Hoe sterk die kerk ook kulturele gestalte aanneem, gaan hy nie daarmee op in volk en kultuur nie. Hy behou die ruimte vir die toetrede van lede van ander volke en vir die gebruik van meer tale om sy aposteltaak uit te voer. Juis daarin, dat hy universele kerk bly, kan hy ook volkskerk wees."

Wanneer die kerk met die evangelie die wêreld ingaan, beleef hy die werklikheid so dat daar verskillende volke in eie kultuurpatrone lewe. Die feit dat hy as apostel van Jesus Christus in die wêreld leef, kan dan beteken dat hy in sulke lewensverbande kerstenend en evangeliserend wil inbeweeg. Hy sal natuurlik altyd oproep tot bekering en geloof en so die geloofsverbondenheid aan Jesus Christus vooropstel, maar hy sal aan die ander kant mense nie wil losruk uit hulle lewensverbande nie. Hy sal eerder 'n ander kwaliteit daaraan wil toeken. "Sy verantwoordelikheid teenoor sy Heer lê hom die vryheid as dure taak op en gee hom die vrymoedigheid om in die kultuurgestalte wat hy aangeneem het, in die taal waarin hy getoë is, apostel vir alle mense te wees" (J P Oberholzer, Die Taak van die kerk teenoor die owerheid).

Die kerk mag dus nooit op so 'n wyse een met die volk word, dat sy verbondenheid met sy Heer in gedrang kom nie. Sy verbondenheid met sy Heer is vir sy bestaan van wesenlike belang en hy moet in die opsig altyd 'n gestalte van die een, heilige, algemene Christelike kerk wees. Dit beteken dat die wesenskenmerke van die kerk op hom van toepassing moet wees en dat hy daarop bedag moet wees. As die Nederduitsch Hervormde Kerk volkskerk wil wees, sal hy moet onthou dat hy kerk vir die volk is, maar nooit kerk van die volk kan wees nie. Hy sal altyd kerk van die Here wees wat ook in en vir hierdie volk die evangelie moet verkondig. Hy sal in die ganse lewe van die volk kerstenend ingaan, maar hom nooit so met die volk identifiseer dat hy sy kritiese ingesteldheid op die lewe van die volk verloor nie. Hy sal moet onthou dat hy sy heil alleen van Jesus Christus kan verwag en nie van 'n bepaalde volk nie. Hy sal in Suid-Afrika nie net die pleitbesorger van 'n bepaalde volk kan wees nie, maar in die taal wat hy praat, apostel vir alle mense wees.

Die feit dat die Kerk op so 'n wyse aan die Woord diensbaar wil wees, beteken nie dat wanneer mense lidmate van die kerk word hulle ophou om lede van 'n volk te wees nie. Dit beteken alleen dat hulle in hulle kultuurpatrone nog beter hulle verantwoordelikheid kan nakom. In die verband sal ook steeds in gedagte gehou moet word dat "volk, taal en kultuur gawes is wat in dankbaarheid ontvang, maar nie om hulleself geroem kan word nie" (J P Oberholzer).

Die kerk as volkskerk sal ook sy apostolêre verantwoordelikheid teenoor ander volke steeds moet nakom. Hy bly immers in die eerste plek kerk van die Woord. Sy taak kan daarom ook nie ophou binne die grense van een volk en een taal nie. Die evangelie moet immers voortgedra word tot by die eindes van die wêreld.

Wat die apostolaat aanbetref, beteken die volkskerkgedagte dat die kerk hom rig

tot ander volke en gemeenskappe met die gedagte om ook daar volkskerke te vorm, sodat die evangelie gedien kan word. "Die kerk rig hom vir die sending tot bevolkingsgroepe of gemeenskappe in Afrika, wat nog heidens of gedeeltelik heidens is, om hulle te help met die verspreiding van die evangelie in hulle eie gemeenskapslewe en deur diegene wat deur daardie diens tot geloof gekom het, by te staan by die inrigting en opbou van 'n eie kerklike lewe sodat hulle uiteindelik tot afsonderlike selfstandige kerk(e) kom" (Kerkwet Art IX).

Uit hierdie aanhaling uit sy Kerkwet kan afgelei word dat die Nederduitsch Hervormde Kerk homself as volkskerk sien en juis daarom die vorming van volkskerke voorstaan. Verder wil hy op die wyse die lewensterrein van elke volk betree met die Woord van die Here. Die uiteindelike bedoeling is die kerstening van die volle lewe van die volk. Tog wil die Kerk altyd in gedagte hou dat hy in die eerste plek eiendom van die Here is, openbaring is van die een heilige, algemene Christelike kerk wat deur God bewaar en in stand gehou word en nie gebonde is aan of bepaal word deur 'n sekere plek of persone nie. Getrou aan sy roeping wil hy kerk wees in die gestalte van 'n volkskerk, in diens van die Here.

Toekomsvisies ten opsigte van die sending

deur prof H G van der Westhuizen



INLEIDING

Drome word bewaarheid. 'n Gelowige is 'n realis – want hy hou rekening met wonderwerke! Wat tot vyf jaar gelede nog steeds as toekomsmusiek bestempel is, en dit deur kundige mense, word reeds bewaarheid. Die simfonie van Sinto het reeds begin.

By nadere ontleding bestaan hierdie simfonie uit vyf bewegings. Eerstens is die temalied deurlopend: *sending.* Ter wille van die organisering, koördinering en volledige orkestrering van sending is 'n *instituut* in die omvattende sin van 'n volledige inrigting of sentrum noodsaaklik. *Navorsing, toerusting* en *opleiding* is die hoofvariasies.

Sinto (Sendinginstituut vir navorsing, toerusting en opleiding) se laaste aspek, die opleiding, het hopelik nou finale koers op Klipdrif gevat. Soos ek dit jare gelede bepleit het, is die plek van Sinto nie in 'n tuisland of 'n onafhanklike land buite die RSA geleë nie. Indien dit aan 'n bepaalde land gekoppel was, kon ons Kerk mettertyd dalk kontrole daaroor verloor het. Daar kon ook allerlei ander komplikasies ontstaan het, soos byvoorbeeld dat die betrokke land nie buitelanders in sy gebied wil akkommodeer nie. Indien Sinto in die RSA geleë is, soos nou die geval by Klipdrif naby Pretoria, wat buite die Hammanskraalgebied en dus ook buite die betrokke onafhanklike land geleë is, sal ons Kerk altyd toegang en beskikking oor sy sentrum kan hê. Want ofskoon spesifieke sendingprojekte van tyd tot tyd afgehandel kan word, sal die sendingtaak tot op die wederkoms van die Here onafgehandel bly. Daarom moet ons Kerk oor sy eie senuweesentrum ten opsigte van sending solank as wat die Kerk bestaan, beheer hebou. Voorheen het ek in verskeie memoranda hierdie saak in meer besonderhede uitgespel. Hier volk net 'n kort oorsig daarvan.

SENDING

Wanneer ons van sending praat vereenselwig ons as Hervormde Kerk ons natuurlik geensins met alles wat al onder sending in ons land verstaan is nie. Omdat ons Kerk 'n besondere sendingbeleid het wat volkskerke op die oog het, het ons nog altyd klem daarop gelê dat ons nie ammunisie, politiek, kultuur of godsdiens van die milieu van ons Kerk wil oordra na die milieu van die sendingveld onder die vlag van sending nie. Omdat die oordrag van so 'n kultuurgodsdiens inderdaad in die geskiedenis van ons land vaardig was, was daar in die ver verlede baie teenstand teen sending.

Daar was natuurlik ook baie probleme in die midde van die Kerk wat sending bemoeilik het, soos oorloë (in die Groot Trek-tyd teen Swartes, die twee vryheidsoorloë, die twee wêreldoorloë en ander), vestigingsprimitiwiteit (soos klein populasie, verspreidwoning, gebrek aan skoling), armoede (ook weens oorloë, droogtes, sprinkane, runderpes) en so meer. Die groot behoefte in eie geledere waar nie eers voldoende predikante of bedieningsfasiliteite was nie, grootliks ook weens die mislukte kerkvereniging, het egter nooit daartoe gelei dat die Kerk 'n prinsipiële besluit teen sending geneem het nie.

Myns insiens was die grootste rede vir die verwaarlosing van sending in ons Kerk die oordrywing van 'n korrekte beskouing. Hierdie korrekte beskouing is die nasionale lewens- en wêreldbeskouing. Die mensdom bestaan uit nasies en ons Kerk as kerk van die Voortrekkers was steeds as volkskerk daarop gesteld dat nasies nie imperialisties in 'n integrasieproses tot disintegrasie be-sending moet word nie. Daarom het ons ou mense gesê: Die Swartes het hulle eie taal, kultuur, tradisies, godsdiens en land. Dit moet hulle s'n bly. Moenie daarmee inmeng nie. Help hulle selfs om dit wat hulle eie is te ontwikkel. Die foutiewe oordrywing van hierdie eerbiediging van eiesoortigheid lê natuurlik in die feit dat niemand aan homself, sonder Christus, oorgelaat mag word nie. Enigeen kan in sy eiesoortige godsdiensvorm aan homself oorgelaat word, maar die geloof in Christus moet sy deel word. Christus moet verkondig word sodat daardie kultuur, godsdiens en totale milieu gekersten kan word.

Vanweë die kersteningsinhoud van ware sending, het ons Kerk mettertyd eerder van kerstening as van sending gepraat. Dit was goed en dit sal nou nog goed wees om van kerstening, kersteningkunde of kersteningswetenskap te praat.

INSTITUUT

'n Instituut is 'n gespesialiseerde inrigting vir 'n bepaalde funksie soos studie oor 'n bepaalde saak.

Met Sinto word 'n inrigting vir 'n verskeidenheid van bepaalde sake bedoel. Omdat al hierdie sake verbandhoudend met mekaar is, word met hierdie inrigting 'n sentrum bedoel.

Die sendingsentrum behoort die meeste of al die belangrike fasette van sending in die Kerk se lewe te inisieer, koördineer en motiveer.

Vir hierdie doel sal die inrigting, ofte wel instituut, 'n teoretiese en praktiese karakter moet hê. Die nodige studie sal eerstens tot sy reg moet kom. Daarby sal op die praktyk geprojekteer moet word deur bepaalde aksies vanaf hierdie senuweesentrum te loods. Dit vereis natuurlik weer die nodige administratiewe hantering van al die projekte.

Omdat die sendingsuperintendent se aandag en arbeid in 'n groot mate op die sendingveld vereis word, sal die taak vir hom te veel word om ook hoof van die instituut te wees. Maar omdat die hele beplanning en taakvasstelling van die sending, tesame met die administrasie, instituutgeskakel moet wees, sou die superintendent se kantoor ook na hierdie sentrum moet verskuif.

NAVORSING

Behalwe die normale navorsing wat 'n kersteningswetenskaplike moet doen, wag daar die groot navorsingstaak oor ons Kerk se kersteningsbeleid. Dit moet ontwikkel en verfyn word. Daar moet riglyne beskikbaar kom en kundige toesig dat die nodige

aanpassing in die praktyk aangebring kan word, sodat ons nie een ding sê en 'n ander ding doen nie.

Besondere navorsingsprojekte op die terrein van die sendingwêreld moet geloods word. Daar is byvoorbeeld in Amerika, Duitsland en ander lande teologiese inrigtings wat sterk staan op dieselfde grondslag waarop ons beleid gebou is. Met hulle moet kontak gemaak word sodat goeie wedersydse kennis opgedoen kan word.

Die geskiedenis van ons swart Kerk lê nog byna totaal onnagevors. Omdat min daarvan in die aanvangsjare op skrif beskikbaar is, lê hier 'n groot ondersoekveld braak. Indien daar te lank gedraai word om persone wat nog lewe te raadpleeg, kan belangrike inligting volledig verlore wees.

Die situasie waarin ons Kerk in ons land sy kersteningstaak moet vervul, word al moeiliker en meer gekompliseerd. Die moet bestudeer word. Navorsing moet die wisselende situasies vooruit wees.

Ons Kerk het vir baie jare al 'n Raad vir Arbeid onder Israel. Hoewel hierdie Raad se naam op arbeid dui, op die getuienis self wat aan Jode moet geskied, kom die Raad soos baie ander rade weinig verder as af en toe 'n rapport of 'n geskrif. Om minder 'n parade te wees moet rade goed gekoördineerd en prakties vol inisiatief wees.

Dit is voltydse mense wat in sulke rade nie veel tyd het om voldoende navorsing oor die betrokke saak te doen nie. Die spesifieke navorsing oor wie en wat Jode is, oor anti-Semitisme, oor die wyse, vorm en aanpak van die verkondiging onder Jode, is 'n verwaarloosde taak in ons Kerk. Omdat dit nóú skakel met die sendingopdrag, kan dit 'n afdeling in die navorsing van Sinto wees. Die evangelie moet immers van Jerusalem af, deur Juda en Samaria tot aan die eindes van die aarde verkondig word.

In ons land is 'n groot getal Joodse gelowiges – soos 'n mens byna oor die wêreld heen konsentrasies Jode vind. Daarby ontwikkel in die ekumeniese atmosfeer 'n besondere toegeneentheid tussen Christene en Jode. Veral die intieme verhouding tussen chiliastiese Christene en Jode, en die sogenaamde Christen-ambassade met hoofkantoor in Jerusalem en takke en lede ook in ons land, verg grondige navorsing.

Daar is ook 'n behoefte in ons Kerk om grondige studie te maak van nie-Christelike godsdienste in ons land. Hier kan byvoorbeeld gedink word aan die tradisionele Afrika-godsdienste, die Islam, die Hindoeïsme en andere.

Die studie van genoemde godsdienste lê natuurlik op die weg van die Godsdienswetenskap. Omdat ons midde-in hierdie godsdienste staan, waar 'n sendingtaak vervul moet word, vereis ons situasie deeglike navorsing wat ook prakties georiënteer moet word. Dit is duidelik dat een of twee godsdienswetenskaplikes alleen dit nie bykomstig kan doen nie.

Om die opdrag aan die Raad vir Arbeid onder Israel uit te brei sodat dit die studie van genoemde godsdienste insluit, is volkome onprakties. Eerstens word 'n raad wat reeds weens deeltydse aandag sy oorspronklike taak nie volledig uitvoer nie, verder belas. Tweedens is genoemde raad se taak arbeid onder spesifieke mense met die Joodse geloof, terwyl die navorsing van ander nie-Christelike godsdienste primêr op dinge (godsdienste) en nie op mense gerig is nie. Buitendien is daar so 'n groot verskil tussen die Joodse godsdiens en ander nie-Christelike godsdienste dat hulle nie oor een kam in dieselfde raad geskeer kan word nie.

Net soos daar in ons land 'n vereniging is vir die studie van godsdienste, genaamd ASRSA (Association for the Study of Religion in South Africa) waarmee ons Sinto

kan skakel, so is daar in ons land ook 'n liggaam vir die studie en bestryding van kommunisme, genaamd Serkos (Sentrum vir Reformatoriese en Kontemporêre Studies). Navorsing moet inderdaad oor hierdie anti-Christelike ideologie gedoen word. Sinto kan dus ook skakeling met Serkos op navorsingsvlak soek. Die navorsing oor hierdie ideologieë is uiters aktueel. Maar daar is ook ander ideologieë onder die vlag van teologieë wat baie nóú verbind is met die kommunisme waarvan ons met die oog op ons kersteningsarbeid grondig op hoogte moet bly, soos byvoorbeeld die swart teologie, teologie van bevryding en teologie van revolusie.

Ons Kerk het ook 'n verantwoordelikheid in sendingopsig ten opsigte van die reuse-verskynsel van sogenaamde onafhanklike kerke in Suid-Afrika. 'n Besondere afdeling van kerkgroepe daarvan, genaamd RICA (Reformed Independent Churches Association) skakel al geruime tyd met ons. Hier is dus 'n afdeling, nie alleen vir grondige navorsing nie, maar waaroor ook beplan moet word. Kersteningshulp en -bystand is hier broodnodig. Sinto kan daarin 'n terrein van arbeid sien.

Juis met ons volkskerklike sendingbeleid, behoort ons deeglike kennis van die sendingveld te hê. Aangesien ons geen blanke sendelinge onder die swart mense laat werk nie, moet die formele kontak veral op die akademiese punt van die opleiding en toerusting gedra word deur 'n grondige begrip van die wêreld van die Swartes, Kleurlinge of Indiërs of van wie ook al betrokke is. Die navorsing oor hierdie "wêrelde" van ons sendingveld lê nog byna volkome braak.

TOERUSTING

In die Kerk is studie nie 'n weelde op sigself nie, maar die waarde lê in die beoefening van kennis. Geloof sonder dade is 'n dooie geloof – sê die apostel Jakobus. Die navorsing moet dus in alle gevalle, nie soos by rade nie, uitloop op praktiese toerusting.

Lank nadat ons Sinto begin bepleit het, het die Kerk die behoefte gevoel om Kital in te stel. Hierdie kerklike instituut vir die toerusting van ampsdraers en lidmate kan op binne-kerklike terrein 'n groot taak uitvoer. Selfs ook op die ekumeniese terrein. Maar wanneer ons op die sendingterrein soek na 'n inrigting of instituut vir die toerusting van ampsdraers en lidmate vir die na-buite-gerigte sendingtaak van die Kerk in die wêreld, moet iets soos Kital in Sinto ingebou word. Juis ons volkskerklike beleid wat die differensiasie en eiesoortigheid van volke ernstig opneem, sal noodwendig nie met ons Kerk se instituut vir eie toerusting kan integreer nie.

En dat toerusting nodig is, is veral ten opsigte van ons sendingkerk en ander kerke vir wie ons 'n hulp kan wees, baie duidelik.

Nie alleen voortgesette toerusting van afgestudeerde leraars en evangeliste is nodig nie, maar ouderlinge en diakens funksioneer hoegenaamd nie naastenby soos die Bybel dit voorskryf nie. Groepe ampsdraers, veral ook skribas, kassiere, kategete, kerklike verenigings (susters, jeug), moet dringend voorligting en toerusting ontvang. Bestaande leraars se arms sal gesterk kan word wanneer hulle die hulp en ondersteuning van so 'n toerustingsprogram kan benut.

Die ontwikkeling van kerksang, die waarde van literatuur, film en al hierdie toerustingsmiddele wat veral juis vir die swart gemeenskap van ontsaglike waarde is, lê nog onbenut.

Algaande moet die kerke wat uit ons kerstening ontstaan of gehelp word, ook administratiewe infrastruktuur opbou. Waarvandaan gaan die toerusting kom indien Sinto nie voorsiening maak om 'n kerkkantoorpersoneel toe te rus nie?

Daar is nog baie ander fasette wat in verband met toerusting belangrik is om genoem te word. Ter wille van ruimte haas ons ons na die laaste aspek van Sinto.

OPLEIDING

In 1928 het dr H C M Fourie aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering gerapporteer dat die Zoeloegemeente wat van die Free Church of Scotland weggebreek het, by monde van hulle leraar, Mlaba, moeg is vir al die wonderlike sendingmetodes van ander kerke, en dat hulle volkome instem met ons Kerk se beginsels. Met beginsels word hier die nasionale benadering teenoor die integrasionistiese benadering bedoel. In 1927 het Mlaba inderdaad geskryf dat sy gemeente geheel instem met die beginsel van geen gelykstelling nie. Daarom het hulle, skryf hy, ook 'n besluit geneem wat ooreenstem met ons Art II (huidige Art III). Reeds in 1925 het Mlaba te kenne gegee dat hulle van ons Kerk nie finansiële steun vra nie, maar behalwe toesig, die opleiding van evangeliste (of leraars).

Sedertdien, en gesien ons beleid wat op die beginsel of uitgangspunt van eiesoortigheid gebou is, is die opleiding van inheemse werkkragte by ons 'n prioriteit. Die fokus van ons hele sendingaksie lê by die saak van die opleiding.

Dit is presies hier waar die droom van Sinto besig is om bewaarheid te word. Die viole speel al. Van 'n gehawende opleiding deur individue by Barton Keep en in private huise in die vyftiger- en sestigerjare het die opleiding gevorder tot die deelname van prof H P Wolmarans aan die NG Kerk se opleiding en daarna die deelname van ds J G du Plessis en na hom prof D J Booysen. Daarna het die opleiding 'n nuwe fase betree toe ons in 1979 as deel van die kampus van die Universiteit van die Noorde met drie manne 'n eie afdeling van die Teologiese Fakulteit gevorm het. In 1980 is proff D J Booysen, P J T Koekemoer en H G v d Westhuizen aangevul met S J Botha en P M Venter. Intussen het prof E Engelbrecht prof Venter vervang. Aan die begin van 1983 het ondergetekende 'n brief aan die Kerk geskryf waarin die doodsklok van ons bestaan op genoemde kampus hoorbaar gemaak is.

Uiteindelik is ons opleiding, genoem die Hervormde Teologiese Opleiding, nou selfstandig op Klipdrif gevestig. Met universitêre skakeling, hopelik die Universiteit van Zoeloeland, of daarsonder, gaan hierdie afdeling van Sinto nou koersvas voort.

'n Saak wat in die Derde Wêreld nogal positiewe vrugte afwerp, is 'n stelsel van indiensopleiding. Oor hierdie aspek sal nog die nodige navorsing gedoen moet word en indien nodig ook opleidingsmoontlikhede geskep moet word.

SLOTOPMERKINGS

Wanneer die toekomsmusiek hede geword het en al die trompette blaas, behoort ons Kerk in sy geheel geïnspireer te word om spontaan almal in sy invloedsfeer op te roep om deel te neem aan die nuwe lied. Dit is die lied van Moses en van die Lam (Op 15:3).

So kan ons Kerk ook sy bydrae lewer dat alle volke deel verkry aan die magtige simfonie van die ewige lewe.

Die Praktyk van die Hervormde Kerk in Suidelike Afrika

deur ds J A P van Tonder



Die Hervormde Kerk in Suidelike Afrika

Die Hervormde Kerk in Suidelike Afrika is 'n selfstandige kerk onder Swartmense en het sy ontstaan te danke aan die sendingwerk van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Die Kerk is versprei oor die Republiek van Suid-Afrika, Bophuthatswana, Lebowa en die Transkei. In die laaste jaar, 1985, het die Kerk uitgebrei na Kangwane en Kwandebele. Volgens die beplanningstrategie van 1985 fokus die kerk sy oë op Qua-Qua, Gazankulu en Venda sodra die geleentheid hom sou voordoen.

Hierdie artikel wil graag die aandag van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika vestig op die vooruitgang en groei van die Hervormde Kerk in Suidelike Afrika op geestelike en stoflike gebied vanaf die jaar 1928 tot in 1986. In 1928 was daar slegs een gemeente in die sendingkerk, te wete 'n groepie Zoeloes in die omgewing van Ixopo in Natal. Die gemeente bestaan nog steeds onder die naam Jabulani.

Die Kerk plant homself voort. Deur die verkondiging van die evangelie en die bediening van die sakramente het rondom die Gemeente Jabulani selle van families op afgeleë plekke ontstaan. Hierdie selle het wyke geword en later tot gemeentes uitgegroei. So groei die kerk oor die suidelike deel van Natal.

Die suidelike deel van Natal, afgesny met 'n lyn vanaf Newcastle na Durban, vorm die tradisionele sendingveld van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Volgens ooreenkoms tussen die drie Afrikaanse Kerke werk die NG Kerk noord van die Newcastle-Durban-pad, die Nederduitsch Hervormde Kerk ten suide en die Gereformeerde Kerk ook in die noordelike gebied. Hierdie ooreenkoms word vandag nie meer trou nagekom nie. Gemeentes van die Hervormde Kerk in Suidelike Afrika bestaan reeds in die tradisionele NG Kerk-sendinggebied – byvoorbeeld Newcastle.

Vanuit Natal het die sendingwerk suidwaarts beweeg, oor die grense van die Transkei en die mees suidelike gemeente van die Kerk is vandag in die omgewing van Mount Frere. Ek glo dat Umtata reeds in die volgende jare bereik sal word.

In Transvaal is die eerste gemeente in 1951 in Mamelodi, naby Pretoria, gestig. Vandaar het die werk geleidelik oor die hele Transvaal en oor die grens tot in Bloemfontein en die Vrystaatse goudvelde gevorder.



Kerkgebou te Madadeni (Newcastle)

Die Kerk is verdeel in sewe ringe. Natal en Transkei omvat die Zoeloes en die Xhosas en dit vorm omtrent een derde van die Hervormde Kerk in Suidelike Afrika. In Transvaal vind ons vier ringe, te wete Noord-Transvaal, Sentraal-Transvaal, Oos-Transvaal en Wes-Transvaal en bestaan meesal uit Tswana-, Noord-Sotho- en Suid-Sotho-sprekende lidmate. Die Ring van die Oranje-Vrystaat bestaan uit Suid-Sotho-sprekendes.

Vanuit die ringe enkele statistieke:

Ringe	Lidmate	Belydend	Ouderlinge	Diakens	Gemeentes
Wes-Transvaal	4 195	2 090	52	56	9
Sentraal-Transvaal	3 576	2 215	34	34	6
Oos-Transvaal	3 106	1 477	40	35	13
Noord-Transvaal	1 384	941	27	26	5
Oranje-Vrystaat	2 832	1 626	40	36	7
Natal	3 198	1 958	66	66	13
Transkei	3 413	1 484	68	64	24

Die ringe vergader een maal per jaar en gee aandag aan al die sake wat vanweë die wet en bepalings onder sy sorg val. Die vergadering funksioneer reeds goed en verrig 'n belangrike opsigtaak in die Kerk.

In die 77 gemeentes van die Kerk gaan dit goed en soms ook minder goed. Die gemeentes wat hulle eie predikante het, gaan gewoonweg vooruit onder leiding van hulle leraars. Vakante gemeentes het baie probleme. Groepsvorming, gebrek aan bekwame kerkrade en leiers bring soms agteruitgang mee. Omdat daar net 45 predikante vir die 77 gemeentes beskikbaar is, kan ons reeds van 'n noodsituasie praat. Probleme aan die Universiteit van die Noorde, waar die teologiese opleiding geleë was, het veroorsaak dat die toevoer van predikante na die Kerk byna opgedroog het. Hierdie toestand sal met die verskuiwing van die Hervormde Teologiese

Opleiding na Hammanskraal verbeter. Die Kerk sien uit na 'n konstante stroom predikante vanuit die opleiding – die oes is voorwaar wit op die lande en die arbeiders is min.

Die stand van die Hervormde Kerk in Suidelike Afrika is einde 1985 as volg:

Lidmatetal	21 704
Belydend	11 791
Ouderlinge	327
Diakens	305
Hervormde Susterverenigings	1 976
Gemeentes	77
Predikante	45

Fisiese geriewe word beskikbaar gestel in diens van die Hervormde Kerk in Suidelike Afrika, en vir die leser se begrip van die toestand gee ons 'n lys van die kerkgeboue en pastorieë in diens van die Hervormde Kerk in Suidelike Afrika.

KERKGEBOUE EN PASTORIEË IN DIENS VAN DIE HERVORMDE KERK IN SUIDELIKE AFRIKA

Ring van:

Potchefstroom	Kerkgebou
	Pastorie
Klerksdorp	Kerkgebou
	Pastorie
Zoutpansberg	Matlala – kerkgebou
	pastorie
	Moletje – kerkgebou
	Vierfontein – kerkgebou
	Turfloop – pastorie
Pretoria	Mamelodi-Oos – kerkgebou
	Mamelodi – kerkgebou
	pastorie
Heidelberg	Balfour – kerkgebou
	pastorie
Zeerust	Montshioa – kerkgebou
	pastorie
Krugersdorp	Doornbosch – pastorie
Johannesburg	Chiawelo – kerkgebou
	pastorie
Bloemfontein	Bloemfontein – kerkgebou
	pastorie
Pietermaritzburg	Pietermaritzburg – kerkgebou
	Zamakuhle – kerkgebou
	pastorie
	slaaplokaal
	Zamafuthi – kerkgebou
	pastorie
	Kanyayo – kerkgebou

	Ndumo – kerkgebou
	Mount Frere – kerkgebou
	pastorie
	Jabulani – kerkgebou
	pastorie
	Thuthuka – kerkgebou
	Nkanjesweni – kerkgebou
	Lukholo – kerkgebou
	Harding – kerkgebou
	Buffelsnek – kerkgebou
	Madadeni – kerkgebou
	Mseleni – kerkgebou
	Kungwini – kerkgebou
	Semela – kerkgebou
	Dangwane – kerkgebou
Losberg	Khutsong – kerkgebou
	pastorie
Vereeniging	Sharpeville – kerkgebou
	Sebokeng – kerkgebou
	Evaton/Residensia – kerkgebou
Noordelike-Pretoria	Mabopane – kerkgebou
	pastorie
Bronkhorstspruit	Arabie – kerkgebou
	pastorie
Waterberg	Geelbeksvlei – kerkgebou
	pastorie
	Khobone – kerkgebou
	pastorie
Heilbron	Parys – kerkgebou
	Heilbron – kerkgebou
Pretoria-Noord	Garankuwa – kerkgebou
	pastorie
Roodepoort	Dobsonville – kerkgebou
	pastorie
Brakpan	Tsakane – kerkgebou
	pastorie
Pretoria-Wes	Saulsville – kerkgebou
	pastorie
Zuurfontein	Tembisa – kerkgebou
	pastorie

Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika wil sy prediking steeds Bybels-reformatories sien en dit ook so deurgee aan die Hervormde Kerk in Suidelike Afrika, veral in die opleiding van die Kerk se predikante. Hierdie Bybels-reformatoriese inslag kan in die werk en lewe van die Hervormde Kerk in Suidelike Afrika gesien word. Die Kerk probeer steeds kerk van die Woord te wees. Dit is vir 'n swart kerk in hierdie tyd geen geringe taak nie. Feit is dat die evangelie van Jesus Christus as Heer en Verlosser landwyd deur die Hervormde Kerk in Suidelike Afrika verkondig word. Die "social

gospel" en die teologie van die revolusie het nog geen plek in die verkondiging van die kerk nie. Die Kerk is rustig en besig om die werk van die Kerk te doen, soos dit in die reformatoriese kerke gedoen word. Hierdie feit stem ons baie dankbaar.

As mens die agenda van die Algemene Kerkvergadering van Augustus 1985 deurblaai, kry jy 'n beeld van die werk van die Kerk. Daar word gekyk na die gemeentes, lidmate, ampte, presbiteraat, diakonaat, ringsvergadering, Algemene Kerkvergadering, priesterskap van die gelowige, apostolaat, Bybelverspreiding, die *Almanak*, geestelike vorming van die jeug, kategese, sustersvereniging en opleiding van dienaars van die Woord.

Algemene Kerkvergadering Umgababa Augustus 1985

Op die vergadering is die volgende broeders/predikante tot lede van die Moderamen verkies: Voorsitter, ds J Z Banda; vise-voorsitter, ds J N R Sithole; skriba, ds M J Manala; vise-skriba, ds G B M Madlala.

Moderamen



Moderamen: Di J N R Sithole, J Z Banda, M J Manala, G B M Madlala.



'n Groep ringkoppe – ou predikante wat die Alg Kerkvergadering bygewoon het: Di J K Nthethe, M C Letsoalo, F W Mothiba, M U Moremane, Z P Mpanza, A K Bokaba en A M Modiboa.

Met die jare het 'n groep predikante wat diep spore in die Hervormde Kerk in Suidelike Afrika getrap het, gekom en gegaan. Ons wil graag 'n paar van hulle noem.

S P Mpanza

Wyle ds Mpanza was vir dertig jaar predikant van die Gemeente Jabulani in Natal. Hy was vir jare die leier in daardie deel van die Kerk. Deur sy inisiatief het die Kerk in Natal uitgebrei van die enigste gemeente, Jabulani, tot die tien gemeentes van vandag. Sy kleinseun is huidig teologiese student aan die Hervormde Teologiese Opleiding.



Ds S P Mpanza

Ds S M Mabesa

Ds Mabesa is predikant van Kanyayo naby Bizana in die Transkei. Hy is die vader van die Kerk in hierdie staat en is reeds 22 jaar predikant van die Kerk.

Ds S M Mabesa



Kerkgebou te Kanyayo

Ds C M K Dlamini

Hy is predikant van Zamakuhle (naby Scottburgh) en sedert 1964 predikant van die Kerk. Hy speel 'n leidende rol in die Kerk en ook in onderwyssake van sy omgewing.



Ds C M K Dlamini

Ds J N R Sithole

Ds Sithole is predikant van Zamafuthi (naby Highflats, Natal) en staan sedert 1964 in diens van die Kerk. Hy neem reeds jare leiding in die Kerk en onderwyssake in sy omgewing.



Ds J N R Sithole

'n Koor tydens 'n pinksterbyeenkoms van sewe gemeentes.

Kerkgebou en gemeente te Zamafuthi

Ds M C Lesoalo

Ds Letsoalo het reeds in 1983 sy emeritaat aanvaar na 'n jarelange verblyf in die Gemeente Mamelodi naby Pretoria. Tans is hy gevestig naby die Universiteit van die Noorde en pastorale hulp in een van die plaaslike gemeentes. Hy het waardevolle baanbrekerswerk in die Kerk verrig.



Ds en mev Letsaolo met sy uittrede as predikant



Kerkgebou – Mamelodi

Ds M U Moremane

Hy is die oudste lewende predikant van die Kerk, 70 jaar oud en reeds dertig jaar in diens van die Kerk. Hy werk in die Gemeente Bloemfontein en is 'n leierfiguur in die Kerk en openbare lewe.

Ds M U Moremane

Ds A M Modiboa

Ds Modiboa is reeds vanaf 1956 predikant in die Kerk en reeds vir baie jare in die Gemeente Potchefstroom werksaam. Hy het diep spore in die Kerk in Wes-Transvaal getrap en hy speel 'n leidende rol in die gemeenskap van die Tswana-sprekende mense.



Ds A M Modiboa



Die kerkgebou van Ikageng te Potchefstroom wat Tswana-motiewe vertoon.

Hierdie is almal deel van die ouer groep predikante. Daar kom nou 'n nuwe groep na vore in die Kerk – die jongeres. Hulle is reeds besig om die leisels op talle terreine te neem en hulle doen dit, soos die ouer groep, met onderskeiding.

Jeugwerk

Die jongmense van die Kerk is baie aktief en daar bestaan 'n jeugvereniging in elke gemeente. Jong mense word in gemeentelike verband georganiseer. In die laaste jare kom hulle ook in ringsverband saam en daar word nou ook kongresse in sinodale verband gehou. Die temas van hulle byeenkomste is baie Bybelgebonde en kerksang speel 'n groot rol in die kerklike lewe van hierdie singende volk.



Jeug van Balfour-gemeente in kerkdrag.

Sustersvereniging

Die vereniging bestaan reeds baie jare. Dit word gemeentelik georganiseer en die susters kom in sametrekke in die ring en sinodale verband bymekaar.

Die vereniging is aktief, maar het nog nie werklik sy taak in die Kerk bepaal nie. Die tradisionele taak van die susters van die Kerk, te wete die georganiseerde versorging van senior burgers en verwaarloosde kinders, speel in swart kerke nog 'n geringe rol. Vandaar die onsekerheid oor bepaalde doelwitte in die sustersvereniging.



Susters van Tembisa-gemeente in hulle kerkdrag.

Die toekoms? Die Kerk gaan in hierdie onsekere tye die toekoms met geloof en hoop tegemoet. In die swart gemeenskap is daar ongekende verwildering onder die jong mense. Tog is daar nog baie jong mense wat gelowig en belydend in en by die Kerk staan. Ons moet bid dat hulle die krag en genade sal ontvang om stewig in die Kerk te bly staan.

Met komplimente
van

WIGGINS TEAPE PAPER
(PTY.) LTD.

Wattweg 177
Pretoria-Wes
0002
Tel. (012) 79-4881

WIGGINS
TEAPE

Casper Hendrik Rautenbach

deur dr H T van Deventer

Om binne die bestek van 'n kort lewenskets reg te laat geskied aan die persoon, lewe en werk van 'n hoogbegaafde en dinamiese mens soos prof C H Rautenbach, is bykans onmoontlik. Dit blyk duidelik wanneer 'n mens deur die Skakelblad van die Universiteit van Pretoria (Mei 1970) blaai. Hierdie besondere uitgawe is in sy geheel aan prof Rautenbach gewy na 'n verbintenis van langer as 'n halwe eeu in diens van die universiteit. Dit is duidelik dat prof Rautenbach deur vriende en kollegas met die grootste respek en bewondering bejeën word vir sy besondere menswees, sy uitstaande werk en diens en sy lewende geloof. Enkele aanhalings uit die Skakelblad illustreer dit ten volle:

> "Prof. Rautenbach behoort tot die Boere-aristokrasie: Hy is 'n mens: volledig mens, dus menslik; hy is wetenskaplik ingestel en skerpsinnig; wysgerig en byna ensiklopedies onderlê op so baie kennisgebiede; doelgerigte kampvegter vir die Afrikanersaak; onderwysman by uitnemendheid; deurwinterde opvoedkundige." Graag wil ek byvoeg: toegewyde kerkman en briljante teoloog.

Casper Hendrik Rautenbach is op 6 Maart 1902 te Zeerust in die Marico-distrik, Wes-Transvaal, gebore. Die Vrede van Vereeniging is op 31 Mei 1902 gesluit en volgens prof Rautenbach self was hy as 't ware "geannekseer deur die Britse Ryk". Hy beskou homself as 'n boorling van die ou Zuid-Afrikaanse Republiek. Sy skoolonderrig het hy aan die "Zeerust Public School" ontvang waar hy aan die einde van 1918 matriek in die eersteklas met Latyn en Engels as hoofvakke verwerf het. Prof Rautenbach is bekend vir sy geweldige hoë intellek. Hy vertel dat hy baie vroeg in sy lewe as skoolseun geleer het om self te leer en selfstandig te werk, aangesien hy deurgaans aangewys was op eie studie. Selfs die oorgang van die skool na die universiteit was vir hom 'n kleinigheid.

Prof Rautenbach is daarvan oortuig dat 'n mens se onderbewussyn die bewaarplek is van al die dinge wat jy in jou lewe bewustelik en onbewustelik opmerk. Die werklike kuns is om dit terug te bring en te reproduseer. Daarom speel die vermoë om baie en met aandag te lees so 'n groot rol in sy lewe. Vandag nog, op vier en tagtigjarige ouderdom, besit prof Rautenbach die vermoë om 'n teologiese boek van gemiddelde formaat in een aand se tyd deur te lees en die hoofsake te memoriseer.

Op 3 Maart 1919 het die jong student by die destydse Universiteitskollege met 'n merietebeurs aangemeld om homself in die onderwys te bekwaam. Spoedig het hy egter die roeping ervaar om predikant te word en in 1921 het hy as negentienjarige student die BA-graad met lof behaal. In Junie 1923 het die MA-graad in Wysbegeerte (ook met lof) gevolg en later in dieselfde jaar het hy ook die graad BD verwerf.

Aangesien hy nog te jonk was, kon hy nie 'n beroep in die Kerk aanvaar nie en is hy aangestel as dosent, eers in Wysbegeerte en in 1924 ook in Sielkunde. Later was hy predikant in Bronkhorstspruit en in 1930 medeleraar in die noordelike deel van Pretoria wat van Derdepoort tot by die Hartbeespoortdam, en in die noordelike rigting tot by Pienaarsrivier gestrek het. In 1939 is hy voltyds as hoogleraar in die Wysbegeerte benoem en ook as dosent in die Christelike Etiek in die Fakulteit Teologie.

Gedurende 1927 is prof Rautenbach getroud met mej C W Oosthuizen en uit hulle



Prof C H Rautenbach en dr H T van Deventer afgeneem tydens die gradeplegtigheid aan UP gedurende April 1986. Prof Rautenbach het opgetree as medepromotor tydens die doktorale studie van dr Van Deventer.

baie gelukkige en voorbeeldige huwelik is drie kinders gebore. Vandag nog praat prof Rautenbach met die grootste deernis oor sy toegewyde en geliefde vrou wat hom intussen ontval het.

Hoofsaaklik op eie inisiatief en met groot ywer het prof Rautenbach aan sy doktorsgraad gewerk en in 1932 het hy met 'n proefskrif gepromoveer wat in 1939 in druk verskyn het met die titel: "Sedelike keuring (Kritiek oor McDougall)". Op 9 April 1948 het hy Rektor van sy alma mater, die Universiteit van Pretoria geword. Met reg sal prof Rautenbach vir altyd bekend staan as die bouer van die Universiteit van Pretoria. Onder sy beheer het die universiteit sy grootste bloei belewe. Intussen het prof Rautenbach homself ook onderskei as onderwysman sonder gelyke. So sal sy naam altyd verbind bly aan die totstandkoming van 'n nasionale onderwysbeleid. As eerste voorsitter van die Nasionale Adviserende Onderwysraad het hy die nodige leiding en insig verleen wat uiteindelik tot die Nasionale Onderwyswet gelei het.

Dit is onmoontlik om al die rade, kommissies en komitees te noem waarin prof Rautenbach oor die jare gedien het. Wat vir die Kerk egter van groot belang is, is die ywer en werk van prof Rautenbach in die Raad vir Opvoeding en Onderwys en die Interkerklike Kommissie vir Opvoeding en Onderwys. Sy bydraes en insette was oor die jare van onskatbare waarde. Veral sedert 1982 het hy met groot insig en kundigheid die Kerk op 'n deurlopende wyse voorgelig en geadviseer met betrekking tot die nuwe onderwysbedeling wat noodwendig moes volg op die RGN se Ondersoek na Onderwysvoorsiening in die RSA. Tydens die Algemene Kerkvergadering van 1986 het prof Rautenbach laat blyk dat hy nou die tuig gaan neerlê as lid van die Raad vir Opvoeding en Onderwys.

Nadat prof Rautenbach op 30 Junie 1970 uit die aktiewe diens van die Universiteit van Pretoria getree het, het hy weer voltyds en aktief begin nalees wat op teologiese gebied aan die gebeur is.

Sy optredes tydens Predikantevergaderings en ook Algemene Kerkvergaderings dui daarop dat prof Rautenbach vandag steeds 'n leidende teoloog in ons Kerk is. Sy helderheid en insig sowel as sy geweldige kennis beïndruk steeds die ouer sowel as die jong teoloë.

Ek glo dit sal my vergun word om in alle beskeidenheid melding te maak van my eie groot voorreg om onder die leiding van prof Rautenbach as medepromotor my proefskrif aan die einde van 1985 te kon voltooi. Aanvanklik was ek baie huiwerig, selfs bang. Gaandeweg het prof Rautenbach my gelei en kon ek hom leer respekteer as vriend by uitnemendheid, geniale promotor en as 'n mens vol liefde en deernis vir sy Kerk, sy volk en sy vaderland. Die Afrikanervolk, die Hervormde Kerk, die Universiteit van Pretoria en die Onderwys eer en huldig prof Rautenbach as 'n man wat deur God met besondere gawes geseën is. Daarby het hy die genade ontvang om nie 'n enkele gawe of talent weg te steek of te begrawe nie.

Sy bynaam "Napoleon" of gewoonweg "Nap" het hy reeds as kind gekry wanweë sy haastige optrede en sy klein gestalte. Maar anders as by die meeste mense by wie die groei hoofsaaklik in die liggaam plaasgevind het, het die groei by prof Nap Rautenbach in sy brein plaasgevind. Geeneen van sy vriende of kollegas of enigiemand wat hom goed ken, sal hom ooit vergeet nie. Hoe vergeet 'n mens iemand soos hy wat soos 'n enkele boom op die vlakte vir soveel skuiling in sy koelte gegee het?

Prof C K Oberholzer

deur prof P S Dreyer

Carel Krügel Oberholzer is op 17 Desember 1904 op die plaas Leeupoort in die distrik Potchefstroom gebore. Sy skoolonderrig het by 'n plaasskool begin en is aan die Hoër Volkskool, Potchefstroom voltooi. Aan die einde van 1926 het hy die O 2-Onderwysdiploma aan die Potchefstroomse Onderwyskollege verwerf. Hierna het hy die MA in Wysbegeerte (1933), D Phil (1936), M Ed (1937) en die D Ed (1942), almal aan die Universiteit van Pretoria behaal en in 1950 het die Doc Educ aan die Universiteit van Suid-Afrika gevolg. Eredoktorsgrade in die Opvoedkunde het hy van die Universiteit van Port Elizabeth en Pretoria ontvang.

Sy professionele loopbaan het in 1927 begin toe hy as assistent-onderwyser by Klopperskraalskool aangestel is. Daarna was hy hoof van verskeie plaasskole en assistent aan die Afrikaansmedium Laerskool, Middelburg. Aan die begin van 1935 is hy as tydelike dosent in Wysbegeerte aan die Universiteit van Pretoria aangestel. Daarmee het sy loopbaan in tersiêre inrigtings begin, wat hom naderhand gevoer het tot onderhoof van die Normaalkollege, Pretoria, en uiteindelik tot hoof van die Departement Wysbegeerte en Filosofie van die Opvoeding aan die Universiteit van Pretoria (1948).

Sy doseerwerk en talle publikasies het hom wye erkenning en baie eerbewyse dwarsdeur Suid-Afrika en oorsee besorg.

As jong onderwyser is hy met Rosey Holmes getroud en uit die huwelik is twee kinders gebore. Johannes Jacobus is in 1943, in sy matriekjaar, oorlede. Roline het in Wysbegeerte gepromoveer en was dosent in Wysbegeerte voordat sy met kapt M J van Staden getroud is. Sy is agt jaar later oorlede.

Deurentyd was prof Oberholzer 'n getroue en aktiewe lid van die Ned Hervormde Kerk. Hy het op verskillende plekke en in verskillende hoedanighede in kerkrade gedien, die laaste keer as ouderling in Pretoria-Oos. Hy het baie jare in die Kerk se Kommissie vir Opvoeding en Onderwys gedien. Hy en prof C H Rautenbach moet as die twee figure gereken word wat in die middel-dekades van die twintigste eeu verreweg die grootste invloed op die Kerk se beskouing van opvoeding en onderwys uitgeoefen het. Dit is in baie opsigte 'n blywende invloed.

Mev Oberholzer was baie jare lank aktief in die NHSV. In die beginjare van die sendingwerk van die Kerk het sy baie gedoen om geld in te samel. In een jaar het haar insameling meer as die helfte van die hele inkomste vir sending bedra.

Roline was tot haar dood orreliste in die Gemeente Pretoria-Oos en het lank in die Kerk se Raad vir Kerkmusiek gedien.



Sy Edele T N H Janson

deur prof P S Dreyer

Teunis Nicolaas Hendrik Janson is op 27 Mei 1919 op Lydenburg gebore, hoewel die familie eintlik Dullstromers is. Van Oupa af, wat uit Holland gekom het om hom op Dullstroom te vestig, oor oom Jan, die Hervormde Kerk se eerste administrateur, tot by Punt (soos hy sedert sy studentedae algemeen bekend is) is dit 'n familie wat uit harde Hervormde hout gesny is.

Nadat hy op Lydenburg gematrikuleer het, het mnr Janson hom na die universiteit van Pretoria gewend waar hy einde 1946 as predikant afgestudeer het. Op Universiteit was hy reeds 'n buitengewone leier. Hy was onder andere sedert 1940 voorsitter van Voortrekker Tehuis en vir twee jaar voorsitter van die VSR. Hy het 'n buitengewone reputasie as spreker gehad.

Op 11 April 1947 is hy as predikant van Losberg georden en in 1951 het hy die beroep na Witbank aanvaar. Kort nadat hy hier aangekom het, is hy tot die Stadsraad verkies en het veertien jaar in hierdie hoedanigheid gedien, onder andere verskeie kere as burgemeester. As Stadsraadslid het hy ook lid van die Transvaalse Munisipale bestuur geword en 'n geruime tyd as voorsitter en as Hoofbestuurslid van die Verenigde Munisipale Bestuur van Suid-Afrika gedien. Terselfdertyd het hy ook 'n belangrike rol op sportgebied gespeel, sodat hy in 1966 as ondervoorsitter van die Noord-Transvaalse Rugby-Unie verkies is.

Aan die begin van 1966 het hy as predikant bedank en in Februarie daardie jaar is hy as kandidaat van die Nasionale Party tot die Volksraad verkies. As Volksraadslid het hy vir die volgende ses jaar in verskeie parlementêre komitees gedien, die meeste waarvan met openbare finansies te doen gehad het. In Augustus 1972 is hy as Adjunk-minister van Bantoe-administrasie en -Onderwys aangewys, waarna hy in Januarie 1976 Adjunk-minister van Volkswelsyn en Pensioene geword het. In November 1978 is hy as Minister van Onderwys en Opleiding aangestel. Nadat hy 'n klein rukkie lid van die Presidentsraad was, is hy aan die einde van 1981 as Kommissaris-generaal van die Swazi-volkseenheid aangewys, 'n posisie wat hy tans nog steeds beklee. Terwyl mnr Janson Adjunk-minister en Minister was, het die gesin in Pretoria en Kaapstad gewoon. Vandat hy Kommissaris-generaal geword het, woon hulle in Nelspruit.

Mnr Janson is met Corrie Rossouw, die dogter van 'n baie bekende dokter van Lydenburg, getroud. Hulle het ses kinders.

Deur die jare heen het mnr Janson nooit sy bande met die Kerk laat verslap nie. Terwyl hy Parlementslid was, het hy as ouderling in die Gemeente Kaapstad gedien. Hy was die Kerk se skakel met die regering. Hy het ook vir die Kerk waardevolle diens gelewer. Terwyl hy byvoorbeeld Minister was, het hy die onderhandelinge wat met die Universiteit van die Noorde vasgeval het, deurgehaak sodat 'n ooreenkoms met die universiteit gesluit kon word, wat die opleiding van predikante en evangeliste vir die Hervormde Kerk in Suidelike Afrika moontlik gemaak het. Tans is sy groot belangstelling die geskiedenis van die Kerk in Dullstroom en Oos-Transvaal.

Dr F C Symington

deur dr J H Koekemoer

Francois Christian Symington is op 9 September 1901 in 'n konsentrasiekamp te Barberton gebore. 'n Paar dae voor sy geboorte is sy broertjie wat net ouer as hy was, in dieselfde konsentrasiekamp oorlede. Sy eie vader het hy nooit geken nie, aangesien hy gedurende die oorlog gesneuwel het. Hierdie dinge het sy lewe lank by hom gebly en hy het dikwels daaroor gepraat.

Oom Frank, soos hy alom bekend was, het sy geleerdheid met groot opoffering bekom. Sy laerskoolopleiding het hy aan plaasskooltjies ontvang en het aan die Hoërskool Ermelo gematrikuleer. Hierna is hy na die Universiteit van Pretoria met die doel om onderwyser te word.

Na twee jaar het hy die Universiteit verlaat en in die distrik Ermelo begin skoolhou. Deur volhardende deeltydse studie het hy twee meestersgrade, een in Opvoedkunde en een in Geskiedenis behaal en in die Opvoedkunde gedoktoreer.

Hy het as skoolhoof by verskillende skole gedien en het sy onderwysloopbaan as hoof van die Hoërskool Pretoria-Wes afgesluit.

Hy het lank 'n leidende rol in onderwyskringe in Pretoria gespeel waar hy in die besture van verskeie komitees m b t die primêre en sekondêre skole gedien het.

Verder was hy ook lid van verskillende departementele komitees.

Hy het in die bestuur van verskeie kultuurliggame gedien en was gemoeid met die oprigting van die Louis Trichardt-monument te Lourenco Marques (Maputo). Na sy aftrede as skoolhoof het hy in diens getree van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing waar hy agt jaar lank baanbrekerswerk verrig het t o v die standardisering van skolastiese toetse vir primêre en sekondêre swart leerlinge.

In die Kerk het oom Frank vir meer as 50 jaar in verskillende kerkrade as diaken en ouderling gedien. Verder was hy skriba van die Gemeentes Pretoria-Oos en Chrissiesmeer. Hy het ook vir etlike jare in die Kerk se Raad vir Opvoeding en Onderwys gedien.

Op 13 Desember 1927 is hy getroud met Anna Frederika Smuts en uit die huwelik is drie kinders gebore. Hy het self van die huwelik getuig dat dit geseënd was en dat sy vrou hom in al sy lief en leed en in sy studies met groot opoffering bygestaan het en ek kan daaraan toevoeg dat sy dit tot sy dood gedoen het.

Hy was 'n stil en nederige mens wat altyd 'n oorweldigende indruk op almal rondom hom gemaak het. Die netjiese en noukeurige wyse waarop hy elke taak aangepak het, die nugtere en kalme manier waarop hy elke saak deurdink het, sy eerlike en diep gelowige lewenswyse is maar enkele sake wat hierdie man, wat klein van postuur maar groot van gees was, aan ons as 'n erfdeel nagelaat het.

Oom Frank is op 31 Julie 1985 na 'n kort siekbed oorlede. Sy begrafnis in die Nederduitsch Hervormde Kerk Pretoria-Oos wat waargeneem is deur 'n jarelange familievriend, dr L M le Roux, is deur 'n groot aantal familie en vriende, wat sy nagedagtenis in ere hou, bygewoon.



Mev Snaps Huyzers (nou mev Van Deventer)

deur prof F J van Zyl

Toe sy pas nege maande oud was, het die dogtertjie van Peter en Evelyn Pohl, en die sustertjie van die later bekende Truida, Anna en Jan, op haar geboortedorp, Graaff-Reinet, baie ernstig siek geword. Dae lank is sy aan die lewe gehou met 'n bietjie water wat met 'n paar druppels whisky versterk is. Van toe af is sy "Snapsie" of "Snaps" genoem. 'n Mens kan jou beswaarlik 'n meer gepaste en meer tiperende noemnaam vir hierdie vrou indink. Almal wat haar ken, sal saamstem dat 'n ontmoeting met hierdie sprankelende, spontane, entoesiastiese en altyd vrolike mens soos 'n verfrissende en opvrolikende snaps vir eie gees en gemoed is.

Die Pohls het 'n eie uitdrukking geskep om iets of iemand te beskryf wat van besondere kwaliteit is. Hulle praat bv van 'n "toprak"-opvoering, of -toneelspeler of -regisseur. Sonder om oordrewe vleiend te wees, sou 'n mens Snaps ook met hierdie uitdrukking kon beskrywe.

Die Pohl-kinders was bevoorreg om ontwikkelde kultuurmense as ouers te hê. Pa Peter was nie net 'n bekwame sakeman nie, maar ook 'n toprak-toneelspeler en -regisseur. Ma Evelyn kon pragtig klavier speel en sing. Geen wonder nie dat ook Snaps tot kultuurbewuste mens ontwikkel het en tot vandag toe nog is.

Op Graaff-Reinet het sy skoolgegaan en ook haar Onderwysdiploma verwerf. Daarna is sy na Grahamstad waar sy haar as kindertuinonderwyseres bekwaam het. Naby Ladysmith in Natal het sy begin skoolhou en daarvandaan na Pearston gegaan waar sy onderwys gegee het tot haar troue in 1931 met die jong en talentvolle ds W F H Huyzers wat toe pas as predikant van die Gemeente Vereeniging georden is. Hier in die eerste gemeente, sê sy, het sy werklik begin lewe. "Met Willie saam was elke dag 'n nuwe ervaring en uitdaging, 'n skool en 'n rykdom van skatte, anders as geld, wat aan ons gegun is deur die Kerk." Drie seuns en 'n dogter is uit die huwelik gebore. Ses kleinkinders en drie agterkleinkinders het gevolg.

Behalwe enkele jare in die plattelandse Gemeentes Laeveld, Zoekmekaar en Standerton, het die predikantspaar Huyzers hoofsaaklik in die PWV-gebied gearbei. Veral in die beginjare van hulle bediening moes die Afrikaner nog veg vir die erkenning van sy taal en kultuur en vir 'n plekkie op ekonomiese gebied. Die egpaar Huyzers was in die voorste linies van hierdie verbete stryd. Hulle betrokkenheid het tot ver buite die gewone gemeentelike aktiwiteite gestrek. So was Snaps in die jare op Vereeniging baie nou betrokke by elke feesgeleentheid van welke aard ook al. Sy het nie net toneelopvoerings georganiseer nie, maar self dikwels toneel gespeel. Saam met haar man het sy die eerste offisiersopleiding van die Voortrekkerbeweging op Heidelberg bygewoon, daarna 'n kommando op Vereeniging gestig waarin sy as veldkornet gedien het tot hulle vertrek na Durban in 1938.

Die stigting van die NHSV wat sy meegemaak het, die jarelange verrykende ervaring as Hoofbestuurslid en as lid van verskillende komitees van die NHSV, beskou sy as hoogtepunte in haar kerklike lewe as predikantsvrou. Van almal het die Boekverspreidingskomitee vir haar die meeste bevrediging gebring, veral die prag-

publikasie, nl die dagboekreeks, "Ver bo Korale", wat aangepak en uitgevoer is tydens haar voorsitterskap van hierdie komitee.

As kindertuinonderwyseres was sy altyd baie aangetrokke tot die kleiner kinders. Tydens hulle verblyf in Krugersdorp was sy baie nou betrokke by die Kerk se kinderhuis aldaar. Ds Huyzers was jare lank lid van die direksie van hierdie inrigting. Sy het die heel klein kindertjies saamgebring vir stories, speletjies en liedjies. Later in Pretoria was sy weer ywerig betrokke by die beplanning, bou en ingebruikneming van die Tinktinkie Kleuterskool wat vir sy tyd een van die mees modernes was. Mev Huyzers getuig self dat sy nog altyd ook groot liefde vir bejaardes gehad het. Veral haar vader wat met grasie, wysheid en geloof 91 jaar oud geword het, was vir haar 'n aansporing om op hierdie terrein te dien. Daarvoor het die NHSV vir haar ruim geleentheid gebied.

In 1978 is ds Huyzers oorlede. Terugsiende op hulle lewe saam is sy vrou se getuienis: Ja, deur die jare het ons liefde en vreugde geken – maar ook hartseer, teleurstelling en verdriet gedeel. Ons het saam geleer om dankbaar te wees vir die seëninge, ook om dankbaar te wees vir die teëslae waaruit ons telkens sterker na vore getree het.

Na 'n gelukkige tweede huwelik wat helaas slegs na twee jaar beëindig is met die heengaan van Johannes van Deventer, woon Snaps tans in Huis Herfsblaar, Queenswood, Pretoria. Sy is sekretaresse van die Huisbestuur, het 'n leidende aandeel in al die aktiwiteite van 'n groot getal inwoners ... en is nog net so sprankelend, spontaan, entoesiasties en vrolik soos 'n mens haar altyd geken het.

Mev M E B Venter

deur ds P M Smith (sr)

Margaret Elizabeth Bartie Venter, gebore Hamman, is in 1921 met ds P J J Venter getroud en het gedurende sy volle dienstyd as predikant getrou aan sy sy gestaan tot met sy oorlye in 1975.

Sy is die vierde dogter van Hennie en Eugenie Hamman. Haar oupa, Eddie Hamman, was van 1893 tot 1896 lid van die Volksraad in die ZAR vir Lichtenburg. Haar ouma, Janet Bartie, het gedurende die eerste helfte van die 19de eeu ter wille van haar Protestantse geloof uit Skotland gevlug. Oorspronklik was hulle van Mac-Donald, maar ter wille van 'n "veilige ontvlugting" het hulle dit na Bartie verander.

Reeds in 1916, dus voor haar huwelik met ds Venter, het sy al begin om tydens eredienste as orrelis op te tree en wel in die Nederduitse Gereformeerde Kerk te Lichtenburg. Vir drie en sestig jaar daarna het sy as orrelis in talle Hervormde gemeentes opgetree. (Haar dogter, Margaret Smith, sit die tradisie voort.)

Die lief en leed van 'n pastorie het sy met haar eggenoot in die volgende Hervormde gemeentes meegemaak: Lichtenburg, Delarey, Zeerust, Johannesburg, Klerksdorp, Bosmansrust, Roodepoort, Oos-Londen, Parys en Vredefort. Wyle ds Venter was ook verantwoordelik vir die konsulentsgemeentes van die destydse Bechuanaland en Noord- en Suid-Rhodesië. Sy het hom dikwels op sy "pastorale reise" vergesel, maar moes vir lang tye die fort alleen tuis hou met hulle vyf kinders van wie twee reeds oorlede is. Vir die kinders was die lang togte soms te vervelig en om 'n oomblik uit die motor te klim, het hulle maar mekaar se kakiehoede by die venster uitgegooi.

Mevrou Venter was 'n gulhartige gasvrou in die pastorieë waar sy lief was om lidmate te ontvang eerder as om buite in die sosiale lewe te beweeg.

Sy geniet nog baie goeie gesondheid en op 85-jarige ouderdom behartig sy nog al haar huiswerk waar sy in Parys woon. Op 22 Februarie 1986 is haar jongste verjaardag feestelik herdenk deur vriende en kinders wat "God dank vir die voorreg om so 'n moeder en vriendin te kan hê". Op meegaande foto wat met die geleentheid geneem is, kan gesien word dat sy minstens tien jaar jonger lyk. Sy en haar eggenoot was skrywer van hierdie skets se gewaardeerde familiepredikantspaar.

Oudl Hennie Prinsloo en eggenote Lettie Prinsloo gebore Kruger

deur ds J C de Lange

Hendrik Frederick Christoffel Prinsloo is op 14 Oktober 1898 gebore. Hy is gedoop te Rhenosterpoort deur ds M J Goddefroy en het belydenis van geloof te Bronkhorst-spruit afgelê. Dr H C M Fourie, predikant van die Gemeente Erasmus (Bronkhorst-spruit) was op daardie tydstip betrokke by die rebellie en ds Goddefroy het die diens tydens sy belydenis van geloof gelei.

Aletta Christina Prinsloo, gebore op 18 Augustus 1906, was 'n nooi Kruger uit die bekende Kruger-familie. President Kruger was haar oom. Sy was van huis uit Gere-formeerd en het belydenis van geloof afgelê in die Gereformeerde Kerk te Nylstroom.

Op 25 April 1922 is hulle in die huwelik bevestig. Kyk 'n mens na die datum van die huwelik, besef jy dat hulle hulle goue bruilof in 1972 en hulle diamantbruilof in 1982 gevier het. Uit die huwelik is ses kinders, 26 kleinkinders, 50 agterkleinkinders en 2 agter-agterkleinkinders gebore.

Aan die begin van hulle getroude lewe, woonagtig op die plaas Wildesbeeskuil noord van Pretoria, het hulle onder die Gemeente Pretoria geressorteer. Hulle eerste twee kinders is gedoop deur dr H D van Broekhuizen. Oom Hennie het in Februarie 1926 diaken geword in die Gemeente Pretoria wat toe bedien is deur ds S Vermoo-ten. In die afgestigte Gemeente Noordelike Pretoria is hy as ouderling verkies en voorgestel. Daarna was hy ook ouderling in Pretoria-Noord en Witfontein. Hy het vir ongeveer 45 jaar as ouderling gedien. Hy het in kerkrade gedien wat oor 'n hele aantal afstigtings besluit het, vanaf die Gemeente Brits se afstigting tot die afstigting van die tweeling-gemeentes, Witfontein en Grootvlei. Oudl Prinsloo het die naam Derdepoort voorgestel as naam van die gemeente rondom die woongebied East Lynne.

Tant Hettie was oor baie jare heen betrokke by die NHSV en was meermale die tal waaraan sy verbonde was se afgevaardigde na kongresse van die NHSV.

Huidig woon hulle by hulle oudste seun, Boeta, in 'n woonstel en is selfversorgend. Hier, soos op elke ander plek waar hulle gewoon het, geniet mens by hulle aan huis spontane gasvryheid.

Die Kerk wens hulle nog baie gelukkige jare toe.

Oom Philip Carel Smit

deur oudl G C Botha

Philip Carel Smit is op 14 Mei 1904 te Christinasrust, Duiwelskloof gebore. Op 14 Mei vanjaar het hy sy nege en sewentigste verjaardag gevier en was hy vir 'n onafgebroke tydperk van 27 jaar skriba vir die Gemeente Laeveld. Dus vanaf die datum in 1954 toe die Gemeente Tzaneen van die Gemeente Laeveld afgestig het totdat hy weens siekte en swak gesondheid verplig was om die skribawerk in 1981 neer te lê – voorwaar 'n tydperk wat, so glo ek, deur baie min skribas bereik is. Gedurende die grootste deel van sy dienstyd as skriba was die gemeente vakant en kon hy nie altyd op die hulp en raad van 'n voltydse predikant staatmaak nie. Desnieteenstaande het hy tot vandag toe nog sy plek in kerklike werksaamhede vol gestaan en is sy plek baie selde in die ouderlingbank leeg. Hy dien ook nog in die finansiële komitee. Derhalwe het alle lidmate groot agting en respek vir oom Philip. Toe hy 25 jaar skriba was, is op sy 72ste verjaardag 'n muurhorlosie aan hom geskenk met 'n inskripsie daarop: "Baie dankie vir 25 jaar as skriba. Van Gemeente Laeveld."

Hy het geloofsbelydenis afgelê in 1924 tydens die inwyding van die ou kerkgebou wat vandag nog op die kerkterrein staan. Tydens daardie plegtigheid het hy baie foto's geneem wat vandag nog in sy besit is. Die Gemeente Laeveld het in 1983 'n nuwe kerkgebou in gebruik geneem.

Op 22 Maart 1929 is hy met Angela Sarah Annandale getroud wat hom na 'n gelukkige huwelik van 46 jaar ontval het. Uit hierdie huwelik is twee dogters en 'n seun gebore en was daar 'n tydperk wat sy seun sowel as beide skoonseuns saam met hom in Laeveld se kerkraad gedien het. Sy een skoonseun, wyle oudl Daan Riekert, was lank die gemeente se orrelis en ook lank lid van die finansiële komitee. Hy is skielik op 52-jarige ouderdom op 'n Sondag net na die erediens oorlede.

Vier jaar na oom Philip se vrou se afsterwe is hy weer getroud met mev Annie Kruis, ook 'n Hervormer, van Pretoria met wie hy nou reeds al vir sewe gelukkige jare getroud is. Hulle is albei nou inwoners van Rus-'n-Bietjie Ouetehuis. Met die ingebruikneming van die nuwe kerkgebou het hy en tant Annie die kanselbybel geskenk en was dit vir hom 'n groot voorreg om die Bybel op die kansel te plaas.

Ons bede is dat oom Philip nog lank saam met ons sal wees – hy is menslik gesproke onafskeidelik een van ons – en dat hy goeie gesondheid sal geniet totdat ons hemelse Vader hom eendag van ons sal wegneem met die woorde: "Mooi so, goeie en getroue dienskneg, oor weinig was jy getrou oor veel sal ek jou aanstel. Gaan in in die koninkryk van jou Heer."



Oudl Gert Petrus Benjamin van der Merwe

deur ds P J van der Merwe

Ouderling Ben van der Merwe is op 3 Februarie 1925 in die Waterberg-distrik gebore Geensins simbolies nie, het ouderling Van der Merwe op die dag waarop 'n sikloon Noord-Transvaal getref en baie skade aangerig het, met sy gesin vanuit die Water- berge na die Soutpansberge verhuis. Op 12 Desember 1948 het ouderling Van der Merwe lidmaat van die Gemeente Louis Trichardt geword. Net die volgende dag het hy die destydse predikant, ds Ben Venter, gaan opsoek om homself aan te meld. Op sy vraag: "Wie en waar is my kerkraadslid?" het hy die antwoord gekry: "Wat is fout met jóú?" En so het dit gebeur dat oom Ben vir die afgelope 38 jaar onafgebroke ampsdraer van die Gemeente Louis Trichardt is.

Daar is veral 'n paar sake wat noemenswaardig is vir die Kerk rondom die persoon en lewe van ouderling Ben van der Merwe. Ouderling Van der Merwe kom nie net uit 'n tradisioneel, kerklik-diepgewortelde voorgeslag nie, maar het ook hierdie tradisie voortgesit. Saam het hy en sy vrou, tant Susan, vier seuns wat al vier vir minstens die laaste dekade saam met hulle pa in die kerkraad dien. Boonop het ouderling Van der Merwe hom laat verswaer met ds J M Labuschagne van Messina toe sy seun Neels met Dian getroud is.

Ouderling Van der Merwe het oor die jare heen baie bygedra tot die stoflike en geestelike groei van die Kerk in Noord-Transvaal. As houtboer en saagmeuleienaar het hy al die pragtige bloekombalke voorsien vir die sierlike en unieke kerkgebou waarop die gemeente so trots is. As bees- en wildboer was dit altyd sy vrygewigheid en offervaardigheid wat funksies en basaars se sukses gewaarborg het. Oom Ben was elke keer die een wat in krisistye van die gemeente gesorg het vir 'n gelukkige afloop.

Oom Ben het nie net vir twintig jaar as kassier opgetree nie, maar is ook sedert 1983 ouderlingslid van die Kommissie van die Ring van Zoutpansberg. Elke predikant wat die voorreg gehad het om saam met hom te kon werk, kan net met dankbaarheid getuig van die sorgsame "ouers" wat hulle in hierdie Van der Merwes gevind het. Dit is ons bede dat ouderling Ben van der Merwe en sy vrou nog vir baie vrugbare jare vir die Kerk gespaar sal bly.

HAUM UITGEWERSGROEP

Die voorlopers
met doelgerigte
lektuur . . .
. . . ervaring van
bykans 'n eeu

Sekondêre en Tersiêre Opvoedkundige Boeke
Letterkunde · Godsdienstige Lektuur · Jeugverhale
Vir die Vrou en Moeder
Algemene Lektuur van Hoë Gehalte

Posbus 629, Forumgebou, Strubenstraat, Pretoria 0001. Tel (012) 325-2200/1-8

Ons nuwe predikante



Ds W H Barnard is georden in Voortrekkerhoogte vir deeltydse diens te Katima Mulilo – diensplig kapelaan.



Ds G S Botha is georden en bevestig in Primrose-Oos.



Ds I L Benade is georden in Voortrekkerhoogte vir deeltydse diens te Postmasburg – diensplig kapelaan.



Ds P J Botha is georden in Saldanha vir deeltydse diens – diensplig kapelaan.



Ds P J E Botha is georden en bevestig in Sasolburg.



Ds F Evert is georden in Zeerust vir deeltydse diens – diensplig kapelaan.



Ds W J M Breytenbach is georden in Phalaborwa vir deeltydse diens – diensplig kapelaan.



Ds D C Human is georden in Voortrekkerhoogte vir deeltydse diens te Oshakati – diensplig kapelaan.



Ds P J Jacobs is georden en bevestig in Newcastle.



Ds G C Lindeque is georden in Voortrekkerhoogte vir deeltydse diens – diensplig kapelaan.



Ds C le Roux is georden en bevestig in Witfield vir deeltydse diens.



Ds H S K Nel is georden in Voortrekkerhoogte vir deeltydse diens te Oshakati – diensplig kapelaan.



Ds J Otto is georden in Johannesburg vir deeltydse diens – dienspligkapelaan.



Ds W J Prinsloo is georden en bevest in Wespark.



Ds C F Potterill is georden in Voortrekkerhoogte vir deeltydse diens te Wonderboom – dienspligkapelaan.



Ds E Sheppard is georden in Voortrekkerhoogte vir deeltydse diens te Rund – dienspligkapelaan.



Ds G J Smit is in Potchefstroom-Suid georden vir deeltydse diens – dienspligkapelaan.



Ds C M van den Berg is georden in Voortrekkerhoogte vir deeltydse diens te Oshakati – dienspligkapelaan.



Ds W A Strydom is georden in Upington vir deeltydse diens – dienspligkapelaan.



Ds D M van Zyl is georden in Voortrekkerhoogte vir deeltydse diens – dienspligkapelaan.



Ds C J Viljoen is georden in Durban vir deeltydse diens – dienspligkapelaan.

IPEX

IPEX PRINTING MACHINERY

(EDMS) BEPERK

Posbus 61044 Marshalltown 2107. Telefoon 836-7151

Verskaffers van
Masjinerie aan die Drukkers- en Verpakkingsbedryf

Beste Wense aan die N.H.W.-Pers en Gutenberg Boekdrukkers

KALENDER 1987

JANUARIE

S	M	D	W	D	V	S
				1	2	3
4	5	6	7	8	9	10
11	12	13	14	15	16	17
18	19	20	21	22	23	24
25	26	27	28	29	30	31

FEBRUARIE

S	M	D	W	D	V	S
1	2	3	4	5	6	7
8	9	10	11	12	13	14
15	16	17	18	19	20	21
22	23	24	25	26	27	28

MAART

S	M	D	W	D	V	S
1	2	3	4	5	6	7
8	9	10	11	12	13	14
15	16	17	18	19	20	21
22	23	24	25	26	27	28
29	30	31				

APRIL

S	M	D	W	D	V	S
			1	2	3	4
5	6	7	8	9	10	11
12	13	14	15	16	17	18
19	20	21	22	23	24	25
26	27	28	29	30		

MEI

S	M	D	W	D	V	S
					1	2
3	4	5	6	7	8	9
10	11	12	13	14	15	16
17	18	19	20	21	22	23
24	25	26	27	28	29	30
31						

JUNIE

S	M	D	W	D	V	S
	1	2	3	4	5	6
7	8	9	10	11	12	13
14	15	16	17	18	19	20
21	22	23	24	25	26	27
28	29	30				

JULIE

S	M	D	W	D	V	S
			1	2	3	4
5	6	7	8	9	10	11
12	13	14	15	16	17	18
19	20	21	22	23	24	25
26	27	28	29	30	31	

AUGUSTUS

S	M	D	W	D	V	S
						1
2	3	4	5	6	7	8
9	10	11	12	13	14	15
16	17	18	19	20	21	22
23	24	25	26	27	28	29
30	31					

SEPTEMBER

S	M	D	W	D	V	S
		1	2	3	4	5
6	7	8	9	10	11	12
13	14	15	16	17	18	19
20	21	22	23	24	25	26
27	28	29	30			

OKTOBER

S	M	D	W	D	V	S
				1	2	3
4	5	6	7	8	9	10
11	12	13	14	15	16	17
18	19	20	21	22	23	24
25	26	27	28	29	30	31

NOVEMBER

S	M	D	W	D	V	S
1	2	3	4	5	6	7
8	9	10	11	12	13	14
15	16	17	18	19	20	21
22	23	24	25	26	27	28
29	30					

DESEMBER

S	M	D	W	D	V	S
		1	2	3	4	5
6	7	8	9	10	11	12
13	14	15	16	17	18	19
20	21	22	23	24	25	26
27	28	29	30	31		

KERKLIKE EN ANDER GEDENKDAE – 1987

Nuwejaar	1 Januarie
Eerste lydensweek	1 Maart
Tweede lydensweek	8 Maart
Derde lydensweek	15 Maart
Vierde lydensweek	22 Maart
Vyfde lydensweek	29 Maart
Sesde lydensweek	5 April
Stigtingsdag	6 April
Sewende lydensweek	12 April
Goeie Vrydag	17 April
Paassondag	19 April
Dankdag vir die oes	26 April
Hemelvaartdag	28 Mei
Republiekdag	31 Mei
Pinkstersondag	7 Junie
Bartolomeusnag	24 Augustus
Krugerdag	10 Oktober
Biddag vir die gesaaides	18 Oktober
Hervormingsondag	1 November
Eerste adventsweek	29 November
Tweede adventsweek	6 Desember
Derde adventsweek	13 Desember
Geloftedag	16 Desember
Vierde adventsweek	20 Desember
Kersdag	25 Desember
Oujaarsdag	31 Desember

JANUARIE 31 DAE

Dag van die		MAANSVERANDERING			Sons	
Week	Maand				Opg	Ond
		EERSTE KWARTIER	7	00h34		
		VOLMAAN	15	04h30		
		LAASTE KWARTIER	23	00h45		
		NUWE MAAN	29	15h44		
D	1	Verskyning Almanak 1907			05h20	19h04
V	2	Oorgawe, Jameson en vryburgers, 1896			05h21	19h04
S	3	Di Postma, V d Hoff op Rustenburg 1859			05h21	19h04
S	4	Kommando teen Dingaan, 1840			05h22	19h04
M	5	Grondwet, ZA Rep, deur Volksraad ontvang, 1857			05h22	19h05
D	6	Beëdiging pres Pretorius; Vierkleur gehys, Potchefstroom, 1857; inwyding kerkgebou, Kaapstad, 1704			05h23	19h05
W	7	Ds HW Ballot van Tulbagh oorlede, 1814			05h23	19h05
D	8	Slag van Blouberg, 1806			05h24	19h05
V	9	Postma, V d Hoff tree saam op, nagmaalsdiens, 1859			05h25	19h05
S	10	Ds Postma gebore Dokkum, 1818; afskeiding Geref Kerk, 1859			05h25	19h05
S	11	TA Theron deur Politieke Raad as ouderling van Gemeente Drakenstein heraangestel, 1772			05h26	19h05
M	12	Ds J van Arckel, eerste Kaapse predikant, oorlede 1666			05h27	19h05
D	13	Eerste uitgawe van "Die Kerkbode" verskyn, 1849			05h28	19h05
W	14	Inwyding kerkgebou Wolmaransstad, 1911			05h28	19h05
D	15	Bevestiging ds De Vries, eerste vaste predikant, Ned Herv Gem Zeerust, 1876; stigting Gemeente Laeveld, 1918			05h29	19h05
V	16	JA Smellekamp gebore, 1812			05h30	19h05
S	17	Sandrivier-konvensie gesluit, 1852			05h31	19h04
S	18	Jan van Riebeeck oorlede, 1677			05h32	19h04
M	19	Heidelbergse Kategismus verskyn, 1563			05h32	19h04
D	20	PJ Joubert, kmdt-genl, ZA Rep gebore 1831			05h33	19h04
W	21	Stigting, Rustenburg-gemeente, 1850			05h34	19h03
D	22	Retief-manifes voltooi, 1837			05h35	19h03
V	23	Inwyding tweede kerkgebou van Pretoria, 1885			05h36	19h03
S	24	Slag van Spioenkop, 1900			05h37	19h02
S	25	Kuratorium besluit tot vestiging van Teol Fakulteit, TUK, 1917			05h38	19h02
M	26	Ds Stucki op pad na Natal ter see oorlede, 1847			05h38	19h02
D	27	Ds Begemann as predikant van Pretoria bevestig, 1861			05h39	19h02
W	28	Mev Josina van Warmelo op Schoemansdal oorlede 1865; ds Frans Lion Cachet gebore 1835			05h40	19h01
D	29	Hollandse taal in Kaapse geregshowe belet, 1824			05h41	19h01
V	30	ST v d Hoff, moeder van ds V d Hoff oorlede, 1863			05h42	19h01
S	31	Herboude kerkgebou van Kaapstad ingewy, 1841			05h42	19h00

FEBRUARIE 28 DAE

Dag van die		MAANSVERANDERING			Sons	
Week	Maand				Opg	Ond
		EERSTE KWARTIER	5	18h21		
		VOLMAAN	13	22h58		
		LAASTE KWARTIER	21	10h56		
		NUWE MAAN	28	02h51		
S	1	Kerkgebou van Eendracht ingewy, 1919			05h43	19h00
M	2	Kerkplein van Zeerust aan Ned Herv Kerk geskenk, 1870			05h44	18h59
D	3	Genl Christiaan de Wet oorlede, 1922; Dias land in Mossel-baai, 1488			05h45	18h59
W	4	Retief-Dingaan-traktaat onderteken, 1838			05h45	18h58
D	5	Ds JJ Kühn oorlede, 1937			05h46	18h58
V	6	Piet Retief en geselskap vermoor, 1838			05h47	18h57
S	7	Paul Roux, voorleser van die Hugenote in Drakenstein oorlede, 1723			05h47	18h57
S	8	Voortrekkers stel eerste Kerkraad in, 1837			05h48	18h56
M	9	Ds D Lindley as predikant van Voortrekkers aangestel, 1841			05h49	18h55
D	10	Stigting, Geref Kerk Rustenburg, 1859			05h50	18h54
W	11	Ds MJ Goddefroy te Lage-Zwaluwe georden, 1877			05h50	18h54
D	12	Ds CW du Toit oorlede, 1932			05h51	18h53
V	13	Grondwet, ZA Rep, deur Volksraad aanvaar, 1858			05h52	18h52
S	14	Stigting van die Republiek Natalia, 1840			05h52	18h52
S	15	Politieke Raad besluit om meer kerke aan die Kaap op te rig, 1743			05h53	18h51
M	16	Hoeksteenlegging eerste kerkgebou te Potgietersrus, 1867			05h53	18h50
D	17	Voortrekkerlaer by Moordspruit uitgemoor, 1838			05h54	18h49
W	18	Martin Luther oorlede, 1546			05h54	18h49
D	19	Jan de la Fonteine, wat die eerste kerkorrel in SA geskenk het, oorlede, 1730			05h55	18h48
V	20	Gemeente Ventersdorp gestig, 1892			05h56	18h47
S	21	Ds CW du Toit, geb 1842: "Ek is in 1842 gedoop in die Kaapse Kerk toe die naam nog Nederduitsch Hervormd was."			05h56	18h46
S	22	Eerste kerkgebou van Pretoria op Kerkplein ingewy, 1857			05h57	18h45
M	23	Eerste kerkraad, Potchefstroom-gem deur Volksraad benoem, 1842; Gemeente Johannesburg gestig, 1895			05h58	18h45
D	24	Kerkgebou op Potchefstroom ingewy 1866			05h59	18h44
W	25	Kerkgebou Ned Herv Gem Pretoria (Du Toitstraat) ingewy, 1905; ds P van Drimmelen oorlede, 1919			05h59	18h43
D	26	Ds MC Vos van Tulbagh oorlede, 1825			06h00	18h42
V	27	Oorwinning van Boere oor Britse veroweraar, Majuba 1881			06h00	18h41
S	28	Ds Meent Borcherds van Stellenbosch oorlede, 1832			06h01	18h40
	29	Berlynse Sendinggenootskap gestig, 1824				

MAART 31 DAE

Dag van die		MAANSVERANDERING			Sons	
Week	Maand	EERSTE KWARTIER	7	13h58	Opg	Ond
		VOLMAAN	15	15h13		
		LAASTE KWARTIER	22	18h22		
		NUWE MAAN	29	14h46		
S	1	Oorname van Kaap deur Bataafse Republiek, 1803			06h01	18h39
M	2	Universiteit van Stellenbosch gestig, 1866			06h02	18h38
D	3	HT Bührmann word lid Geref Gem Rustenburg, 1863			06h02	18h37
W	4	Beëdiging MT Steyn as pres OVS, 1896; Gerard Moerdijk gebore, 1890			06h03	18h36
D	5	Hoeksteenlegging kerkgebou van Ermelo, 1910			06h03	18h35
V	6	AWJ Pretorius, brief oor predikante en vrye volk, 1847			06h04	18h34
S	7	Thomas van Aquino oorlede, 1274			06h04	18h33
S	8	Prof NJ Hofmeyr gebore, 1827			06h05	18h32
M	9	Slagtersnek, 1816; Vierkleur op Rustenburg gehys, 1857			06h05	18h31
D	10	Dr PW Venter te Durban bevestig, 1935			06h06	18h30
W	11	Lydenburg stig De Republiek Lydenburg in Zuid-Afrika, 1857			06h06	18h29
D	12	Oudl AH Klazinga van Lichtenburg oorlede, 1920			06h07	18h28
V	13	Hoeksteenlegging kerkgebou Pretoria-Noord, 1954			06h08	18h27
S	14	GJT Beelaerts van Blokland oorlede, 1897			06h08	18h26
S	15	Vierkleur op Zoutpansberg-dorp gehys o l v Schoeman, 1858; inwyding Geloftekerk, Pietermaritzburg, 1840			06h09	18h25
M	16	Versoening tussen AH Potgieter en AWJ Pretorius te Rustenburg, 1852			06h09	18h24
D	17	Prof Jan HJA Greyvenstein gebore, 1878			06h10	18h23
W	18	Gemeente Vanderbijlpark gestig, 1950			06h10	18h22
D	19	Ds Goldbach van Malmesbury oorlede, 1783			06h11	18h21
V	20	Oudl A Röcher van Ventersdorp oorlede, 1912			06h11	18h20
S	21	JS Bach gebore, 1685			06h12	18h19
S	22	Ds P Balders weier doop aan kind van slavin, 1666			06h12	18h18
M	23	Eerste kerkraadsverg, NG Gem Pienaarsrivier (Pta), 1867			06h12	18h16
D	24	Teologiese Vereniging Van der Hoff gestig, 1924			06h12	18h15
W	25	Kerkgebou van Potgietersrus ingewy, 1922			06h13	18h14
D	26	Potchefstroom-gem deur eerw Lindley gestig, 1842			06h13	18h13
V	27	Eerste doopbediening deur eerw Lindley, Tvl, 1842			06h14	18h12
S	28	Kerkgebou van Ventersdorp ingewy, 1913			06h14	18h11
S	29	Manifes, Smith: redes – anneksasie van Trans-Oranje, 1848			06h15	18h10
M	30	Kmdt JW Viljoen van Zeerust oorlede, 1893			06h15	18h09
D	31	Oorwinning by Sannaspos, 1900			06h16	18h08

APRIL 30 DAE

Dag van die		MAANSVERANDERING			Sons	
Week	Maand	EERSTE KWARTIER	6	09h48	Opg	Ond
		VOLMAAN	14	04h31		
		LAASTE KWARTIER	21	00h15		
		NUWE MAAN	28	03h34		
W	1	Stigting Teol Fak, TUK, 1917; Lindley predikant Voortrekkers, 1841			06h16	18h07
D	2	Dr SP Engelbrecht, professor, Teol Fak, TUK, 1921			06h17	18h06
V	3	Nuwe Psalmberyming aan Kaap ingevoer, 1775			06h17	18h05
S	4	Lydenburg aanvaar Grondwet, ZA Rep word distrik, 1860			06h18	18h04
S	5	Stigting Hervormde Kerk in VSA, 1628			06h18	18h03
M	6	Van Riebeeck en handjievol koloniste land in Tafelbaai, 1652			06h19	18h02
D	7	Aanvangspunt Ned Herv Kerk van Afrika, 1652			06h19	18h01
W	8	Genl A Pretorius se oproep aan burgers van Vrystaat om herstel van hulle vryheid, 1848			06h20	18h00
D	9	Ds LE Brandt te Pietersburg bevestig, 1904; hoeksteenlegging eerste kerkgebou, Kaapstad, 1678			06h20	17h59
V	10	Grondwet van OVS geproklameer, 1854			06h21	17h58
S	11	Ds Dirk Postma neem afskeid in Kampen, Nederland, 1858; Piet L Uys, Voortrekkerleier oorlede, 1838			06h21	17h57
S	12	ZA Rep deur Engeland geannekseer, 1877			06h22	17h56
M	13	Eerste Hugenote land aan Kaap, 1688			06h22	17h55
D	14	Jonkheer RA van Nispen, eerste landdros van Schoemansdal oorlede, 1874			06h23	17h54
W	15	Pres TF Burgers gebore, 1834			06h23	17h53
D	16	Stigting Gemeente Witbank, 1927			06h24	17h52
V	17	Ds MJ Goddefroy aanvaar sy emeritaat, 1917			06h25	17h51
S	18	Luther voor Ryksdag van Worms; bly trou aan sy gewete, 1521			06h25	17h50
S	19	Eerste kerkgebou van Potchefstroom ingewy, 1851			06h25	17h49
M	20	Ds GW Smits te Rustenburg bevestig, 1861			06h26	17h48
D	21	Ds Van Warmelo oorlede; slagoffer van mislukte Kerkvereniging, 1892			06h26	17h47
W	22	Oudl Jacob Swart skrywe in Amsterdam oor Voortrekkers, 1840; Immanuel Kant gebore, 1724			06h27	17h46
D	23	Stigting Gemeente Durban, 1927			06h27	17h45
V	24	Oudl FG Wolmarans (ouderling vanaf 1842) oorlede, 1872; Prins Willem van Oranje gebore, 1533			06h27	17h44
S	25	Brief diak MJ Willemse, Volk Stem oor "Theologische School", 1890; MEI gestig, 1949			06h28	17h44
S	26	Eerste kerkgebou van Rustenburg ingewy, 1851			06h28	17h43
M	27	Ds JW Hertzogenraedt van Drakenstein deur Politieke Raad gewaarsku om hom nie met politiek te bemoei nie, 1732			06h29	17h42
D	28	Ds JP v d Berg te Makwassie bevestig, 1934			06h29	17h41
W	29	Aanvang Tweede Dorslandtrek, 1875			06h30	17h41
D	30	Gemeente Zoutpansberg gestig, 1852			06h30	17h40

MEI 31 DAE

Dag van die		MAANSVERANDERING			Sons	
Week	Maand				Opg	Ond
		EERSTE KWARTIER	6	04h26		
		VOLMAAN	13	14h50		
		LAASTE KWARTIER	20	06h02		
		NUWE MAAN	27	17h13		
V	1	Dr WJ Leyds gebore, 1859			06h31	17h39
S	2	Hollandse taal in Kaapse Parlement toegelaat, 1882			06h31	17h39
S	3	Cachet tot NG Kerk-predikant in Ladysmith bevestig, 1863			06h32	17h38
M	4	Ds SP Viljoen gebore, 1911			06h32	17h37
D	5	Ds AJ Barger, skrywer van "Kort Begrip", oorlede, 1940			06h33	17h36
W	6	Dirk van der Hoff tot evangeliebediening toegelaat, 1840			06h33	17h36
D	7	Engelse weier dat prop P Ham in Port Natal land, 1843			06h34	17h35
V	8	Gemeente Memel gestig, 1915; Afrikaans amptelik as landstaal erken, 1925			06h35	17h34
S	9	Kruger beëdig as Staatspresident van die ZA Rep, 1883; ds TFJ Dreyer (Senator) oorlede, 1975			06h35	17h34
S	10	Karl Barth gebore, 1886			06h36	17h33
M	11	Prof ES Mulder oorlede, 1974			06h36	17h32
D	12	Eerste nagmaalsviering aan die Kaap, 1652			06h37	17h31
W	13	Opening van Konsilie van Trente: Roomse vs Protestantse leer, 1545			06h37	17h31
D	14	Lydenburg Delwerye geproklameer, 1873			06h38	17h30
V	15	"De Hervormer" verskyn weer en van toe af permanent, 1909; Gemeente Schweizer-Reneke gestig, 1925			06h39	17h30
S	16	Gemeente Losberg gestig, 1925			06h39	17h29
S	17	Prof Barend Gemser gebore, 1890			06h40	17h29
M	18	Pres WCJ van Rensburg gebore, 1818; Harm Oost oorlede, 1964			06h40	17h28
D	19	Prof UG Lauts, Voortrekker-weldoener gebore, 1787			06h41	17h28
W	20	Slag van Scheepersnek, 1900			06h41	17h28
D	21	Erasmus Smit as Voortrekker-predikant bevestig, 1837			06h42	17h27
V	22	NHSV gestig, 1940			06h42	17h27
S	23	Gemeente Naboomspruit gestig, 1943			06h43	17h27
S	24	Kerkgebou Pierneef ingewy, 1975			06h43	17h27
M	25	Prop V d Hoff trou met Anna Maria van Otterloo, 1845; Gemeente Bethal gestig, 1918			06h44	17h26
D	26	Duitse keiser veroordeel Luther en sy aanhangers, 1521			06h44	17h26
W	27	Aankoms V d Hoff op Potchefstroom, 1853; sterfdag Calvyn, Genève, 1564			06h45	17h25
D	28	Ds V d Hoff herdenk sy 25-jarige ampsbediening in Tvl, 1878			06h45	17h25
V	29	Sinode van Dordrecht afgesluit, 1619			06h45	17h25
S	30	Genl NJ Smit gebore, 1837			06h46	17h24
S	31	Ds WH Grey gebore, 1908			06h46	17h24

JUNIE 30 DAE

Dag van die		MAANSVERANDERING			Sons	
Week	Maand				Opg	Ond
		EERSTE KWARTIER	4	20h53		
		VOLMAAN	11	22h49		
		LAASTE KWARTIER	18	13h02		
		NUWE MAAN	26	07h37		
M	1	Dr B Gemser, professor, Teol Fak, TUK, 1926			06h47	17h24
D	2	Gemeente Gwelo gestig, 1923			06h47	17h24
W	3	Eerw SJG Hofmeyr gebore, 1839			06h48	17h23
D	4	Ds J van Belkum te Rustenburg bevestig, 1891; Gemeente Humpata gestig, 1910			06h48	17h23
V	5	Derde Alg Kerkverg; botsing tussen ds V d Hoff en Smellekamp wat lei tot kerklike skeuring en afskeiding van Lydenburg, 1854			06h48	17h23
S	6	Ds V d Hoff se eerste kerkraadsvergadering in Tvl, 1853			06h49	17h23
S	7	Sieketrooster JJ Graa oorlede, 1665			06h49	17h23
M	8	Eerste Alg Kerkverg na Tweede Vryheidsoorlog byeen, 1903; hoeksteenlegging kerkgebou Witrivier, 1974			06h50	17h23
D	9	Kerkgebou Stellenbosch ingewy, 1973			06h50	17h23
W	10	Oudl JJ Botha van Witfontein oorlede, 1923			06h51	17h23
D	11	Voortrekkerkerk tot Staatskerk verklaar, 1842			06h51	17h23
V	12	Stigting Ned Herv Gem Zeerust deur Kommissie van die Alg Kerkvergadering goedgekeur, 1871			06h51	17h23
S	13	Kerkgebou van Ermelo ingewy			06h52	17h23
S	14	Eerste vergadering van Evangelisasie Kommissie, 1945			06h52	17h23
M	15	Ds Van Warmelo georden: eerste predikant in Tvl gelegitimeer deur Kommissie van die Alg Kerkverg en georden deur di V d Hoff, Begemann en Smits, 1864			06h52	17h24
D	16	William Robinson skenk nagmaalservies aan Rustenburg, 1860			06h52	17h24
W	17	Ds J Spyker van Kaapstad gebore, 1792			06h53	17h24
D	18	Ds FS du Toit van Ventersdorp oorlede, 1914			06h53	17h24
V	19	Ds GW Smits van Rustenburg gebore, 1836			06h53	17h24
S	20	Kmdt Salmon Prinsloo van Bronkhorstspruit oorlede, 1892			06h54	17h24
S	21	Ds HS Bosman bevestig as predikant van Pretoria, 1876			06h54	17h25
M	22	Oudl TF Dreyer gebore, 1860			06h54	17h25
D	23	Instelling van Tweede Volksraad, ZA Rep, 1890; ds LE Brandt oorlede, 1939			06h54	17h25
W	24	Oudl JC (Oom Hansie Meerkat) Coetzee van Zeerust oorlede, 1933			06h55	17h26
D	25	Leipzigse Dispuut tussen Luther en dr Joh van Eck, 1519			06h55	17h26
V	26	Ds Cachet ontmoet Kommissie van die Alg Kerkverg op Rustenburg, 1865			06h55	17h26
S	27	Stigting Gemeente Heidelberg, 1865			06h55	17h27
S	28	Ds AJ Begemann aanvaar sy emeritaat, 1872			06h55	17h27
M	29	Eerste Kaapse Parlement geopen, 1854; oudl CJ Rabé oorlede, 1871			06h55	17h27
D	30	Kerkgebou van Vliegepoort ingewy, 1951			06h56	17h27

JULIE 31 DAE

Dag van die		MAANSVERANDERING			Sons	
Week	Maand	EERSTE KWARTIER	4	10h34	Opg	Ond
		VOLMAAN	11	05h33		
		LAASTE KWARTIER	17	22h17		
		NUWE MAAN	25	22h37		
W	1	Beëdiging pres Thomas F Burgers, 1872; SA Orrelbouers gestig, 1948			06h56	17h28
D	2	Hoeksteenlegging Rustenburg se tweede kerkgebou, 1864			06h56	17h28
V	3	Natalse owerheid stel FL Cachet as predikant, NG Gem Ladysmith, te werk, 1864			06h56	17h28
S	4	JH (Onze Jan) Hofmeyr gebore, 1845			06h56	17h29
S	5	Engels vervang Hollands as amptelike taal van Kaapkolonie, 1822; stigting Gemeente Witrivier, 1930			06h55	17h30
M	6	Johannes Huss gebore, 1373			06h55	17h30
D	7	Gemeente Venterskroon gestig, 1888			06h55	17h31
W	8	Gemeente Bloemhof gestig, 1916				
D	9	Aankoms van Georg Schmidt, eerste sendeling aan Kaap, 1737			06h55	17h31
V	10	Johannes Calvyn gebore te Noyen, Picardië, Noord-Frankryk, 1509			06h55	17h32
S	11	Gemeente Van Drimmelen gestig, 1941			06h55	17h32
S	12	Senator (oudl) ADW Wolmarans (oud-LUR) oorlede, 1928			06h55	17h32
M	13	Dr W Robertson gebore, 1805			06h54	17h33
D	14	Gemeente Stellaland gestig, 1883			06h54	17h33
W	15	Verlating van Schoemansdal; kerkgebou, pastorie, skool, huise afgebrand, 1867			06h54	17h34
D	16	Genl JD Opperman gebore, 1861			06h54	17h34
V	17	Ds S Vermooten gelegitimeer, 1915			06h54	17h35
S	18	Ds NJ van Warmelo te Heidelberg bevestig, 1868			06h53	17h35
S	19	Eerste vergadering van die Kuratorium, 1909			06h53	17h36
M	20	Ds LGF Biccard oorlede, 1900			06h52	17h36
D	21	Gemeente Kaapstad herstig, 1940			06h52	17h37
W	22	Gemeente Swellendam gestig, 1798			06h51	17h37
D	23	Kmdt-genl Pretorius op Grootplaas oorlede, 1853			06h51	17h38
V	24	Afskeid van prof PJ Muller, predikant van Pretoria (1904–09), 1909			06h50	17h38
S	25	Prof Ulrich Lauts, pleitbesorger van Voortrekkers, in Utrecht oorlede, 1865			06h50	17h39
S	26	Kerkorde van De Mist aan die Kaap ingevoer, 1804			06h49	17h39
M	27	Prokurasiekommissie gestig o l v ADW Wolmarans, 1890			06h48	17h40
D	28	Gemeente Mafeking gestig, 1929			06h48	17h40
W	29	Gemeente Van der Hoff gestig, 1933			06h47	17h41
D	30	Ds NJ van Warmelo bevestig te Schoemansdal, 1864			06h46	17h41
V	31	Ds LGF Biccard gebore, 1834			06h46	17h42

AUGUSTUS 31 DAE

Dag van die		MAANSVERANDERING			Sons	
Week	Maand	EERSTE KWARTIER	2	21h24	Opg	Ond
		VOLMAAN	9	12h17		
		LAASTE KWARTIER	16	10h25		
		NUWE MAAN	24	13h59		
S	1	Oudl NJ Campher van Klerksdorp oorlede, 1946			06h46	17h42
S	2	Erasmus Smit, Voortrekkerpredikant gebore, 1778			06h45	17h42
M	3	Ds J van Belkum bevestig te Rustenburg, 1903			06h45	17h43
D	4	Oudl A Alberts van Humpata oorlede, 1928			06h45	17h43
W	5	Hoeksteenlegging van kerkgebou te Witpoort, 1878			06h44	17h44
D	6	Stigting van Republiek Stellaland, 1883			06h43	17h44
V	7	Ds V d Hoff hou sy eerste kerkdiens op Rustenburg, 1855			06h42	17h44
S	8	Eerste Alg Kerkverg op Rustenburg geopen; oudl FG Wolmarans voorsitter, 1853			06h42	17h45
S	9	Ds MJ Goddefroy oorlede, 1920			06h41	17h45
M	10	Louis Trichardt gebore, 1783; ds WPJ Poën oorlede, 1937			06h40	17h46
D	11	Rijk Tulbagh oorlede, 1771			06h39	17h47
W	12	Lang Hans van Rensburg gebore, 1779			06h39	17h47
D	13	Aanval van Zoeloe-impi op Veglaer, 1838			06h38	17h47
V	14	Sambok-episode op Kwaggafontein, Marico: kmdt Viljoen, ds Cachet, 1868; Genootskap Regte Afrikaners gestig, 1875			06h37	17h47
S	15	Mev Van Warmelo (geb Maré) gebore, 1850			06h36	17h48
S	16	Gemeente Vereeniging gestig, 1913			06h35	17h49
M	17	Aankoms, Kaapstad, ds Van Arckel, eerste vaste predikant deur NOIC na die Kaap gestuur, 1665; Gemeente Vaalharts gestig, 1940			06h35	17h49
D	18	Ds A Lagerwey oorlede, 1898			06h34	17h50
W	19	ATKV gestig, 1930			06h33	17h50
D	20	Gemeente Rust-der-Winter gestig, 1938; prof SP Engelbrecht oorlede, 1977			06h32	17h51
V	21	Ds S van Echten oorlede, 1771			06h31	17h51
S	22	Here XVII besluit om verversigingspos aan Kaap te stig, 1650			06h30	17h52
S	23	Eerste doopbediening aan die Kaap, 1652			06h29	17h52
M	24	Bloedbruilof van die St Bartolomeusnag, 1572			06h29	17h52
D	25	Gemeente Roodepoort gestig, 1940; genl Louis Botha oorlede, 1919; ds Simon Vermooten oorlede, 1965			06h28	17h52
W	26	Ingebruikneming van die Afrikaanse Bybel, 1933			06h27	17h53
D	27	Kerkgebou van Uitenhage ingewy, 1843			06h26	17h53
V	28	Kerkvader Augustinus oorlede, 430			06h25	17h53
S	29	Ds PAC van Heyningen oorlede, 1904			06h24	17h54
S	30	Eerste gekombineerde kerkvergadering, 1745			06h23	17h54
M	31	Kerkraad Lydenburg dank ds V d Hoff as predikant af; skei af, 1854			06h22	17h55

SEPTEMBER 30 DAE

Dag van die		MAANSVERANDERING			Sons	
Week	Maand				Opg	Ond
		EERSTE KWARTIER	1	05h48		
		VOLMAAN	7	20h13		
		LAASTE KWARTIER	15	01h44		
		NUWE MAAN	23	05h08		
		EERSTE KWARTIER	30	12h39		
D	1	ZA Rep deur Engeland geannekseer, 1900; "De Transvaalsche Kerkbode" verskyn, 1904			06h21	17h55
W	2	Ds Dirk van der Hoff in Dordrecht geb, 1814			06h20	17h56
D	3	Ds Daniël Lindley oorlede, 1880			06h19	17h56
V	4	Albert Schweitzer oorlede, 1865			06h18	17h56
S	5	Erasmus Smit in Rotterdam as sendeling onder Kleurlinge in SA ingeseën, 1802			06h17	17h57
S	6	Gemeente Ruskoppies gestig, 1941			06h16	17h57
M	7	Prof HP Wolmarans gebore, 1894; stigting Ned Geref Gem Pienaarsrivier distrik Pretoria, o l v ds Cachet, 1866			06h14	17h58
D	8	Ds NJ van Warmelo gebore, 1835			06h13	17h58
W	9	Ds JC de Vries gebore, 1842			06h12	17h59
D	10	Dr Abr Faure, Aktuaris Kaapse Kerk kom in Natal aan, 1843			06h11	17h59
V	11	Genootskap van Rhodesiese Afrikaners gestig, 1965			06h10	17h59
S	12	Kerklike hereniging tussen Lydenburg en Ned Herv Kerk, 1864			06h09	17h59
S	13	Afrikaanswording van UP, 1932			06h08	18h00
M	14	Eerste Britse besetting van die Kaap, 1795			06h07	18h01
D	15	Eerste Volksraad van die Unie van SA verkies, 1910			06h06	18h01
W	16	PK de Villiers, skepper van Psalm- en Gesangmelodieë gebore, 1874			06h05	18h02
D	17	Pres MW Pretorius in distrik Graaff-Reinet geb, 1818			06h04	18h02
V	18	Jacobus Stuart, Voortrekkervriend oorlede, 1878			06h03	18h02
S	19	Oudl ADW Wolmarans gebore, 1857			06h02	18h03
S	20	Huweliksordonnansie van De Mist aan die Kaap ingevoer, 1804			06h01	18h03
M	21	Jan-Lion Cachet oorlede, 1912			05h59	18h04
D	22	Catharina van Lier, bekende evangelisasiewerkster aan die Kaap oorlede, 1801			05h58	18h04
W	23	Gemeente Heilbron gestig, 1911; genl CF Beyers gebore, 1869			05h57	18h05
D	24	Ds J Beyer oorlede, 1929; diak PF Strydom oorlede, 1887			05h56	18h05
V	25	Verskyning van eerste Staatskoerant in ZAR, 1857			05h55	18h05
S	26	Gemeente Clanwilliam gestig, 1826			05h54	18h06
S	27	Genl Louis Botha gebore, 1862			05h53	18h06
M	28	Volksraad, ZA Rep, tref nuwe reëling insake traktemente, 1874			05h52	18h06
D	29	Zwingli-Bond in Nederland gestig, 1948			05h51	18h06
W	30	Ds MJ Goddefroy te Witfontein deur oudl CJJ Joubert bevestig met hele Transvaal as sy arbeidsveld, 1887			05h50	18h07

OKTOBER 31 DAE

Dag van die		MAANSVERANDERING			Sons	
Week	Maand				Opg	Ond
		VOLMAAN	7	06h12		
		LAASTE KWARTIER	14	20h06		
		NUWE MAAN	22	19h28		
		EERSTE KWARTIER	29	19h10		
D	1	Oudl LG Engelmohr van Pretoria oorlede, 1949			05h49	18h07
V	2	Oudl RS Young oorlede, 1890			05h48	18h08
S	3	Here XVII besluit dat Hugenote Piemontere en Vlaamse vlugtelinge na die Kaap gestuur moet word, 1685			05h47	18h08
S	4	Ds AJ Barger te Middelburg bevestig, 1919			05h46	18h09
M	5	Ds PW Ennis verkry eervolle ontslag, 1928; ds AJG Oosthuizen oorlede, 1978			05h45	18h09
D	6	Jan Bantjes, Voortrekkeronderwyser oorlede, 1887			05h44	18h10
W	7	Oudl DPJ (Oom Dirkie) van Schalkwyk van Trichardts oorl, 1911; NH Weeshuis te Krugersdorp ingewy, 1922			05h43	18h10
D	8	Verkiesing eerste kerkraad te Roodezand (Tulbagh), 1743			05h42	18h11
V	9	Ds Dirk v d Hoff op Potchefstroom oorlede, 1881			05h41	18h12
S	10	SJP Kruger gebore, 1825; Univ van Pretoria kom tot stand, 1930; Gemeente Lichtenburg gestig, 1891			05h40	18h12
S	11	Ulrich Zwingli sneuwel, 1531			05h39	18h13
M	12	Ds AJ Nolte gebore, 1911			05h38	18h13
D	13	Eerste diamant in Suid-Afrika gevind, 1867; Gemeente Stellenbosch gestig, 1686			05h37	18h14
W	14	MJ Oosthuizen, Voortrekkerheld gebore, 1818			05h36	18h14
D	15	FW Jannasch, kerkmusikus gebore, 1853			05h35	18h15
V	16	Oudl DF Jacobs deur Natalse Volksraad as ouderling en katkisasiemeester aangestel, 1840			05h34	18h15
S	17	Volksraad skrywe aan JA Smellekamp insake predikant uit Nederland, 1844; ds S Vermooten geordend, 1917			05h33	18h16
S	18	Edik van Nantes herroep; Here XVII verleen toestemming vir stigting van Lutherse Kerk aan Kaap, 1780			05h32	18h16
